

**Persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte
met besondere verwysing na die selfkonsep**

Hermanus Johannes van Rooyen, B.A., Hons. B.A., T.O.D.

**Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in die
Departement Psigologie aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

Leier: Prof. C.A. Venter

Potchefstroom

1994

Oppedra aan

my vrou, Rita,

my kinders en

my ouers wat my 'n

Christelike opvoeding gegee het .

DANKBETUIGINGS

Naas my dierbare en geliefde hemelse Vader wie al die eer en dank toekom, wil ek ook die volgende persone en instansies, wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot hierdie studie van harte bedank:

- * Professor C.A. Venter vir die besondere bekwame, deeglike en simpatieke wyse waarop hy leiding gegee het. My innige dank aan hom.
- * Aan prof. M.C.A. Seyffert vir die bekwame wyse waarop hy die taalversorging van die verhandeling gedoen het. Baie dankie.
- * Mev. M. Claassen vir die besondere wyse waarop sy die mooi en netjiese tikwerk gedoen het.
- * My innige dank aan prof. H.S. Steyn, hoof van die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en sy personeel vir die hulp met die statistiese rekenaarverwerkings.
- * Die volgende biblioteke vir die hulp met die beskikbaarstelling van literatuur word hiermee hartlik bedank:
Ferdinand Postma-Biblioteek, PU vir CHO;
Transvaalse Onderwysmediadiens;
H.F. Verwoerd-Biblioteek, Randse Afrikaanse Universiteit;
Merensky-Biblioteek, Universiteit Pretoria.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 : INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING

1.1	Inleiding en probleemstelling	1
1.2	Doelstelling	4
1.3	Verloop van die navorsingsverslag	4

HOOFSTUK 2 : LITERATUURSTUDIE

2.1	Begripsomskrywing	6
2.2.1	Definisies van persoonlikheid	6
2.1.2	Definisies van selfkonsep	8
2.1.3	Definisies van introversie en ekstroversie	10
2.1.3.1	Introversie (introverte)	10
2.1.3.2	Ekstroversie (ekstroverte)	11
2.2	Persoonlikheidsteorie	12
2.2.1	Carl G. Jung (1875-1961)	12
2.2.1.1	Evaluering van Jung se teorie	17
2.2.2	Raymond B. Cattell (1925-)	18
2.2.2.1	Evaluering van Cattell se teorie	22
2.3	Beskouinge (teorieë) oor selfkonsep	24
2.3.1	William James (1842-1910)	24
2.3.1.1	Evaluering van James se teorie	27
2.3.2	Charles H. Cooley (1864-1929)	27
2.3.2.1	Evaluering van Cooley se teorie	29
2.3.3	George H. Mead (1863-1931)	30
2.3.3.1	Evaluering van Mead se teorie	31
2.3.4	Gordon W. Allport (1897-1967)	32
2.3.4.1	Evaluering van Allport se teorie	37
2.3.5	Carl R. Rogers (1902-)	38
2.3.5.1	Evaluering van Rogers se teorie	43
2.4	Die evaluering van persoonlikheid	44

HOOFSTUK 3 : EKSPERIMENTELE ONDERSOEK

3.1	Seleksie van die onderzoekgroep	46
3.2	Meetinstrumente	47

3.2.1	Die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys	47
3.2.1.1	Faktore van die 16-PF	47
3.2.1.2	Betroubaarheid en geldigheid	52
3.2.1.3	Motivering vir die insluiting van die 16-PF	53
3.2.2	Persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudingevraelys (PHSF)	53
3.2.2.1	Komponente van die PHSF	54
3.2.2.2	Betroubaarheid en geldigheid	56
3.2.2.3	Motivering vir die insluiting van die PHSF	57
3.2.3	Adolesenteselfkonsepskaal (ASKS)	57
3.2.3.1	Items van die ASKS	57
3.2.3.2	Betroubaarheid en geldigheid	62
3.2.3.3	Motivering vir die insluiting van die Adolesenteselfkonsepskaal (ASKS)	63
3.3	Statistiese verwerking	63
3.3.1	Hipoteses	63
3.3.2	Statistiese tegnieke	65

HOOFSTUK 4 : BESPREKING VAN DIE RESULTATE

4.1	Inleiding	66
4.2	Resultate van die 16-PF	66
4.2.1	Bespreking van die 16-PF se faktore wat statisties beduidende verskille toon	67
4.3	Resultate van die PHSF	71
4.3.1	Bespreking van die PHSF se komponente wat statisties beduidende verskille toon	72
4.4	Resultate van die ASKS (Totaaltelling)	73
4.4.1	Bespreking van die ASKS (totaaltelling) wat statisties beduidende verskille toon	74
4.5	Resultate van die ASKS (onderskeie dimensies en subdimensies)	75
4.5.1	Bespreking van die ASKS (onderskeie tellings) se dimensies en subdimensies wat statisties beduidende verskille toon	76
4.6	Slotsom	79

HOOFSTUK 5 : GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

5.1	Gevolgtrekking	81
5.2	Aanbeveling	82

OPSOMMING	83
-----------	----

SUMMARY	85
---------	----

BIBLIOGRAFIE	87
--------------	----

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die 16PF	66
---	----

Tabel 4.2: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die PHSF	71
---	----

Tabel 4.3: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die ASKS (Totaaltelling)	73
---	----

Tabel 4.4: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die ASKS se onderskeie tellings van die subdimensies	75
---	----

Must be on separate page.

HOOFSTUK 1

~~INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING~~

~~1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING~~

Die bestudering van persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep is 'n aktuele vraagstuk in die psigologie. Dit is aktueel en dus belangrik, veral om onder andere die volgende redes: eerstens sal hierdie navorsingsresultate vir die kliniese psigoloog belangrik wees in die diagnose en terapie van sy kliënte, dit wil sê, as hierdie navorsing bewys dat daar persoonlikheidsverskille bestaan tussen introverte en ekstroverte en die invloed daarvan op die selfkonsep, asook vir die voorligtingspsigoloog om 'n beter insae in die persoonlikheidsamestelling van sy kliënte te bekom, om laasgenoemde in die voorligtingsproses, byvoorbeeld die keuse van 'n beroep of studierigting te help.

(Vgl. Van der Walt, 1987; Vrey, 1974; George & Cristiani, 1986; Child, 1971; Le Roux, 1976; Phares, 1984; Prinsloo, 1983.)

Uit die oorsese en plaaslike navorsingsliteratuur kon die ondersoeker nog geen direkte verwysing vind oor navorsing wat gedoen is oor persoonlikheidsverskille tussen ekstroverte en introverte met besondere verwysing na die selfkonsep nie.

Daar is enkele studies gedoen waar ekstroversie en die selfkonsep betrek is, asook ander studies oor ekstroversie en ander persoonlikheidsdimensies. Verma (1975) het die selfkonsep ten opsigte van ekstroversie, neurotisme en angspeil bestudeer, terwyl McDaniel (1977) ekstroversie, neurotisme en die selfkonsep van oortreders bestudeer het. Flynn (1985) het ook 'n studie gedoen oor ekstroversie/introversie en kognitiewe/affektiewe onderrigmetodes as determinante van verandering in die selfkonsep en selfaktualisering by studente. Kawash (1982) het ten opsigte van ekstroversie en ang 'n strukturele ontleding van selfagting, 'n belangrike komponent van die selfkonsep, gedoen. (Vgl. Modry, 1987:58.) Kawash (1982) het

gevind dat beide angs en ekstroversie ontstaan as gevolg van ouers se opvoedingspraktyke, en dat die vlak van selfagting ook op sy beurt ontwikkel weens die twee eersgenoemde grondtrekke. (Dit beteken dus dat hy gevind het dat ekstroversie korreleer met 'n goeie selfkonsep) *→ diens conclusions*

Talle studies oor selfkonsep is dus reeds oorsee en in 'n mindere mate plaaslik gedoen, maar ander dimensies as introversie/ekstroversie is betrek. Plaaslik is daar byvoorbeeld die volgende navorsing gedoen: Grobler (1973) wat die selfkonsep van die aggressiewe psigopaat bestudeer het; Le Roux (1976) wat die verband tussen selfkonsep en skoolastiese prestasie by 'n groep standaard 6-leerlinge nagevors het.

Die volgende studies kan in 'n mate op indirekte wyse van toepassing gemaak word op die huidige ondersoeker se navorsing: Hildebrand (1977) wat navorsing gedoen het oor die selfkonsep as faktor in bedryfsleierskap; Schmidt (1986) wat 'n studie gemaak het van die invloed van selfkonsep op die oordrag van interpersoonlike vaardighede, en Morris (1979) wat die navorsing van Bagley en Evan-Wong (1975) bespreek. Laasgenoemde navorsers het 'n studie gedoen van introversie/ekstroversie en het bevind dat beide, wat deur hulle as introverte en neurote geklassifiseer is 'n negatiewe selfagting gehad het, terwyl stabiele ekstroverte 'n positiewe (hoë) selfagting gehad het.

Daar is eintlik eers in die jare sewentig in die RSA ernstige aandag gegee aan die bestudering van selfkonsep. Die rede hiervoor was waarskynlik te wyte aan die gebrek aan 'n eie gestandaardiseerde selfkonseptoets. Hierdie leemte is gevul deur die totstandkoming van die Adollesente-selfkonsepskaal (ASKS) van Vrey (s.j.). Alhoewel hierdie skaal gebaseer is op die "Tennessee Self Concept Scale" van Fitts (1965) is dit grootliks 'n nuwe skaal wat deur Vrey (s.j.) ontwerp is - hy het 'n itemontleding sowel as 'n faktorontleding uitgevoer en sy eie norme uitgewerk.

Daar is alle rede om te aanvaar dat die selfkonsep (selfbeeld) van die uiterste belang is wanneer dit kom by die funksionering van die persoonlikheid. Vrey en Venter

(1983) wys daarop dat selfkonsep in die psigiese bestaan en in die omgang met ander mense van kardinale belang vir 'n persoon is .

Grové (1983) verklaar dat selfkonsep 'n sentrale begrip van die persoonlikheid is. Dit is 'n beleving van die self wat spruit uit persoonlike ervaring van laasgenoemde in kontak met mense, asook uit ervaring in sosiale en nie-sosiale situasies.

Raath en Jacobs (1990) beklemtoon die feit dat die begrip selfkonsep omskryf kan word as 'n unieke beeld wat 'n persoon van homself het. Hulle wys verder daarop dat selfkonsep gevorm word deur middel van ervarings wat die mens in die loop van sy lewe opdoen. Hoewel selfkonsep as 'n geïntegreerde geheel gesien word, kan daar tog seker aspekte onderskei word, byvoorbeeld die intellektuele, die sosiale en die persoonlikheidswording (Raath & Jacobs, 1990:2-3).

Meyer (1988) verwys na Rogers se gevolgtrekking oor die belangrikheid van 'n positiewe selfkonsep vir die psigiese gesondheid van 'n persoon. Hy verklaar dat wanneer die selfkonsep 'n onvolledige weergawe van die "ware self" is, kan die persoon nie al sy potensialiteite ontwikkel nie. (Dit beteken dus dat in laasgenoemde geval gesonde persoonlikheidsfunksionering nie kan plaasvind nie.) $\Rightarrow$ *conclusion*

Fitts (1972) verklaar dat as alle ander faktore van 'n persoon gelykmatig (gelyk) is, sal die persoon met die mees optimale selfkonsep meer doeltreffend funksioneer as die persoon met 'n negatiewe of laer selfkonsep.

Nou is dit waarskynlik ook so dat 'n mens terugvoering sal kry wanneer hy/sy hom/haar aan ander persone blootstel of openbaar, terwyl dit minimaal mag wees as hy homself min aan ander blootstel. ^{*}(Ondersoeker maak dus die volgende hipotese: dat die ekstrovert, wat 'n persoon is wat na buite gerig is, eintlik in 'n beter posisie is om meer terugvoering te kry en dat hy 'n meer positiewe of negatiewe (afhangende van die aard van terugvoering) selfkonsep (selfbeeld) en ander persoonlikheidseienskappe mag ontwikkel as die introvert wat terughoudend of in homself) ^{*}.

gekeer is. Plug *et al.* (1991:85) wys ook daarop dat die ekstroverse persoonlikheid 'n tipe is wat gekenmerk word deur 'n sterk behoefte aan emosionele kontak met die omgewing - hulle is dus gewoonlik gesellig, aktief en sosiaal.

Dit blyk dus dat daar wel inligting oor introversie, ekstroversie en die selfkonsep, asook aanverwante begrippe in die literatuur te vinde is, maar dat hierdie begrippe nie in die literatuur gekombineer is nie. Daar bestaan dus 'n behoefte om hierdie leemte te vul. Dit kan dus gevul word deur die huidige ondersoek.

1.2 DOELSTELLING

Die doelstellings van hierdie studie kan soos volg geformuleer word:

- om die persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte met betrekking tot die selfkonsep met behulp van die Adolescente-selfkonsepskaal (ASKS) van Vrey (s.j.) te ondersoek;
- om te bepaal of daar persoonlikheidsverskille is tussen introverte en ekstroverte soos gemeet met die 16-Persoonlikheidsvraelys (16-PF) van Cattell en die PHSF-verhoudingevraelys van Fouché en Grobbelaar (1987).

1.3 VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Na die eerste hoofstuk, waarin die inleiding en probleemstelling, asook die doelstelling van die huidige ondersoek formuleer is, word voortgegaan na hoofstuk twee waarin sekere tersaaklike begrippe omskryf sal word, asook sekere persoonlikheidsteorieë bespreek sal word, veral dié wat fokus op introversie/ekstroversie en die selfkonsep.

In hoofstuk drie word die eksperimentele ondersoek beskryf, naamlik die proefpersone, meetinstrumente, eksperimentele prosedures en die statistiese tegnieke.

Hoofstuk vier word gewy aan die resultate en die interpretasie en bespreking daarvan. In hoofstuk vyf word die gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

In hierdie hoofstuk gaan tersaaklike begrippe en enkele persoonlikheidsteorieë omskryf word wat handel oor introversie, ekstroversie en selfkonsep. Ten slotte sal daar ook kortliks aandag geskenk word aan die meting van persoonlikheid.

2.1 BEGRIPSOMSKRYWING

2.1.1 Definisies van persoonlikheid

Meyer (1988:8) definieer persoonlikheid soos volg: "... dit is die gedurig veranderende, maar tog relatief stabiele organisasie van alle liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die individu wat sy gedrag in interaksie met die omgewing bepaal".

Plug *et al.* (1991:274) gee die volgende definisie van persoonlikheid: "'n Term wat in sy wydste betekenis dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore. Aangesien die persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie, dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op 'n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe."

Plug *et al.* (1991:274) gee ook onderskeidelik die definisies van G.W. Allport en R.B. Cattell van persoonlikheid. Allport definieer persoonlikheid so: "Die dinamiese organisasie binne die individu van daardie psigofisiese sisteme wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal." Cattell omskryf dit op sy beurt soos volg: "Dit wat 'n voorspelling van 'n persoon se gedrag in 'n spesifieke situasie moontlik maak."

Vernon (1972:383) definieer persoonlikheid soos volg: "... personality is the relatively stable organisation of a person's motivational dispositions, arising from the interaction between biological drives and the social and physical environment". Volgens hom behels die definisie kognitiewe en fisieke eienskappe, maar gewoonlik verwys dit na affektiewe/konatiwewei eienskappe, sentimente, houdings, komplekse en onbewuste meganismes, belangstellings en ideale wat die mens se karakteristieke of kenmerkende gedrag en denke bepaal (Vernon, 1972:383).

Al bogenoemde definisies, behalwe die van Cattell, beklemtoon die organisatoriese faktore binne die persoonlikheid.

Van die definisies, naamlik dié van Meyer, Allport en Vernon poneer dat die persoonlikheid relatief stabiel is. Cattell se gedagte dat 'n persoon se gedrag vanweë sy persoonlikheid voorspel kan word, sinspeel ook hierop.

Al die definisies, uitgesonderd die van Cattell, beklemtoon die omvattendheid van die begrip, byvoorbeeld Meyer (1988) verklaar dat persoonlikheid behels alle liggaamlike, psigiese en fisiese eienskappe; Plug *et al.* (1991) psigiese, morele, sosiale en fisiese eienskappe, en Allport, volgens Plug *et al.* (1991) psigofisiese sisteme, terwyl Vernon (1972) persoonlikheid beskryf as biologiese dryfvere in interaksie met die sosiale en fisiese omgewing.

Die definisies van Plug *et al.* (1991:274) en Vernon (1972:383) beklemtoon die verband tussen konstitusionele en omgewingsfaktore.

Die persoonlikheid het dus betrekking op 'n persoon met al sy geïntegreerde gedragsuitinge in wisselwerking met ander persone, asook met sy sosiale en fisiese omgewing.

2.1.2 Definisies van selfkonsep

Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrippe selfkonsep, selfbegrip en selfbeeld as sinonieme gebruik. (Vgl. Plug *et al.*, 1991:318; Jordaan *et al.*, 1975:34; Deaux & Wrightsman, 1984:56.)

Volgens Piek (1985) is selfkonsep 'n persoon se selfbeeld of siening van homself. Vervolgens verklaar hy: "By die volwassene is die selfkonsep 'n komplekse en georganiseerde idee van die persoon as geheel, en sluit dit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in. Dit beteken dat die persoon nie net 'kennis' van sy eienskappe het nie, maar ook gevoelens oor en evaluasies van homself en sy eienskappe het. Die selfkonsep sluit dus sake soos 'n selfbeeld, selfagting en selfaanvaarding in" (Piek, 1985:234).

Du Toit (1986:178) skryf oor selfkonsep en sê: "Uit die interaksie van die organisme met die omgewing ontstaan 'n konsep van 'wie ek is'. Dit is die self. As deel van die waargenome ervaring is die self dus 'n deel van die fenomeenveld wat gedifferensieer word. Die self is dus 'n selfkonsep."

Le Roux (1976:30) definieer die begrip soos volg: "Die selfkonsep bestaan uit 'n dinamiese sisteem van konsepsies wat 'n persoon oor homself daarop nhou. Hierdie konsepsies is gunstig of ongunstig en bepaal die persoon se handelswyses soos dit veral in sy gedrag manifesteer."

Plug *et al.* (1991:318) se definisie van selfkonsep lui soos volg: "'n Persoon se siening en evaluasie van homself. Dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe elemente in." As sinonieme noem hulle selfbegrip, selfbeeld en self.

Vrey (1974:95) verwys na selfkonsep as : "... die konfigurasie van oortuigings omtrent myself en houdinge teenoor myself wat dinamies is en waarvan ek gewoonlik bewus is of onbewus kan word".

Dit blyk dat Cattell (1965:374) die benaming selfsentiment vir selfkonsep gebruik, want in sy woordelys gee hy die volgende definisie: "Self-sentiment: The sentiment structure centred upon the individual's conception of himself and his desire to maintain this self-concept in the eyes of himself and others, intact and acceptable."

Dit blyk dus uit bogenoemde definisies dat daar groot ooreenstemming bestaan tussen die verskillende teoretici oor die begrip selfkonsep. Al die definisies beklemtoon die feit dat dit 'n persoon se kennis oor homself insluit en dat die persoon homself evalueer.

Die evaluering van die self deur 'n persoon is belangrik, want dit kan 'n uitwerking hê op sy gedrag. Vrey en Venter (1983:1) wys daarop dat die mens die gawe het om homself te kan ken, met ander woorde, hy besit die vermoë tot selfkennis. Selfs vir die psigoloog is dit belangrik om te weet hoe positief of hoe negatief 'n kliënt se selfkonsep is sodat hy, dit wil sê, die psigoloog hom vir 'n negatiewe selfkonsep kan behandel, want dikwels is die pasiënt se probleem juis aan 'n negatiewe of swak selfbeeld te wyte. Piek (1985:234) se stelling dat selfkonsep 'n persoon se beeld of siening van homself is, is ook belangrik. In die geval van die volwassene is selfkonsep 'n ingewikkelde en georganiseerde idee van die persoon as geheel, en dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in. Dit beteken dat die individu nie slegs kennis van sy eienskappe het nie, maar ook gevoelens en evaluasies van homself en sy eienskappe. Verder verklaar Piek (1985:234) dat selfkonsep dus aspekte insluit soos selfagting, selfbeeld en selfaanvaarding. Cattell (1965:374) se opvatting dat dit 'n gesonde toestand is as die persoon die begeerte het om sy selfkonsep ongeskonde in sy eie oë en in die van ander mense in stand te hou, is korrek. Plug *et al.* (1991:319) noem ook die kognitiewe, emosionele en evaluatiewe elemente van selfkonsep. Al die genoemde elemente, soos Le Roux (1976:30) dit ook stel, beïnvloed 'n persoon se gedrag.

Dit blyk dus dat selfkonsep 'n belangrike rol speel in persoonlikheidsfunksionering. Phares (1984:155) stel dit dat die self 'n uiters belangrike konsep is. Hy verklaar dat 'n deel van die individu se waarnemingsveld ontwikkel geleidelik in die self; dit is die "ek" of "my". Die self word 'n soort filter waardeur die wêreld waargeneem word. Die waarneming is selektief, en dié selektiwiteit opereer konsekwent. Ervaringe wat konsekwent of steekhoudend met die self is, word waargeneem en geïntegreer in die self. Die ervaringe wat nie in ooreenstemming met die self is nie, mag ontken word of verdraaiing daarvan mag plaasvind om by die selfkonsep aan te pas sodat die selfkonsep onveranderd kan voortbestaan.

2.1.3 Definisies van introversie en ekstroversie

Die twee begrippe is in der waarheid twee teenoorgestelde pole van 'n enkele persoonlikheidsdimensie.

2.1.3.1 Introversie (introverte)

Plug *et al.* (1991:163) definieer introversie, na aanleiding van Jung se siening soos volg: "... 'n na binne gerigte persoonlikheidsoriëntasie wat gekenmerk word deur belangstelling in eie gedagtes en gevoelens eerder as in sosiale interaksie of eksterne sake".

Na aanleiding van Eysenck se siening, definieer Plug *et al.* (1991:163-164) introversie soos volg: "Een pool van die persoonlikheidsdimensie ekstroversie-introversie. Eysenck verklaar introversie deur te wys op bepaalde neurale strukture wat tot gevolg het dat reaktiewe inhibisie stadig en swak ontwikkel en vinnig verdwyn."

Statt (1990:73) definieer introversie soos volg: "According to Jung, a basic personality dimension of being withdrawn, inward looking, and passive, that is usually contrasted with extraversion."

Die definisies van Jung, soos gestel deur Plug *et al.* (1991:163) en Statt (1990:73) ten opsigte van introversie, kom in sekere opsigte ooreen, waar hulle verwys na die binne gerigte persoonlikheidsaspekte. Hoewel hulle albei na Jung se opvatting verwys, is Plug *et al.* (1991) se definisie vir ondersoeker omvattender gestel.

Die definisie van Eysenck, soos aangehaal deur Plug *et al.* (1991:163-164), oor introversie verskil van Jung se definisie wat die na binne gerigte persoonlikheidsoriëntasie beklemtoon, asook dat laasgenoemde gekenmerk word deur belangstelling in eie gedagtes en gevoelens eerder as sosiale interaksie of eksterne sake. Statt (1990:73) se definisie kom baie ooreen met Jung se definisie, met ander woorde, hy verskil ook van Eysenck. Soos hierbo genoem, beklemtoon Eysenck die werking van die neurale strukture as oorsaak van introversie.

2.1.3.2 Ekstroversie (*ekstroverte*)

Plug *et al.* (1991:85) definieer Jung se beskouing van ekstroversie (*ekstroverte*) soos volg: "'n Groep persoonlikheidseienskappe wat die resultaat is van die vloei van die libido na die buitewêreld. Persone wat hierdie eienskappe besit se houdings, waardes en belangstellings is gerig op die fisiese en sosiale omgewing en op 'n eksterne verwysingspunt. Hulle is gewoonlik gesellig, aktief en sosiaal."

Eysenck se siening van ekstroversie word deur Plug *et al.* (1991:85) soos volg gedefinieer: "Een pool van die persoonlikheidsdimensie introversie-ekstroversie. Eysenck verklaar ekstroversie deur te verwys na bepaalde neurale strukture wat tot gevolg het dat reaktiewe inhibisie vinnig en sterk ontwikkel. Dit stem deels ooreen met C.G. Jung se siening."

Statt (1990:50) definieer ekstroversie op grond van Jung se siening soos volg: "Extroversion. According to Jung, a basic personality dimension of openness and outward-looking sociability that is usually contrasted with introversion."

Plug *et al.* (1991:85) en Statt (1990:50) se definisies oor Jung se beskouing oor ekstroversie kom baie ooreen. Weer eens moet daarop gewys word dat, volgens Plug *et al.* (1991:85), Eysenck die klem laat val op die neurale strukture wat tot gevolg het dat reaktiewe inhibisie vinnig en sterk ontwikkel, met ander woorde, hy beklemtoon eerder die oorsake en gevolge as om die gedragssuïtinge te definieer.

2.2 PERSOONLIKHEIDSTEORIEë

In hierdie afdeling sal die persoonlikheidsteorieë van enkele teoretici bespreek word wat veral oor introversie-ekstroversie geteoretiseer en geskryf het, byvoorbeeld Jung en Cattell. Enkele ander persoonlikheidsteorieë waarin selfkonsep prominent figureer, sal onder par. 2.3 bespreek word. Vanweë die tema van hierdie navorsing sal laasgenoemde teorieë breedvoeriger as eersgenoemde bespreek word.

2.2.1 Carl G. Jung (1875-1961)

Hoewel Jung se persoonlikheidsteorie gewoonlik geïdentifiseer is as 'n psigoanalitiese teorie omdat hy die klem op die onbewuste prosesse laat val het, verskil dit in sommige opsigte merkbaar van dié van Freud. Miskien is die mees opmerklikste en onderskeidende eienskap van Jung se siening van menslike wesens omdat hy teleologie en kousaliteit kombineer. Dit beteken kortliks dat die mens se gedrag nie slegs deur individuele en sy rassegeskiedenis ("racial history") bepaal of gekondisioneer word nie, maar ook deur sy doelwitte en aspirasies (Hall & Lindzey, 1978:116).

Volgens Viljoen (1988:79) kon Jung nie Freud se meganistiese beskouing waardeur hy die mens as produk van 'n "verdronge seksuele verlede" gesien word, aanvaar nie. Jung het wel geglo dat die mens se gedrag deur die verlede bepaal word, maar dat die toekoms nie uit die oog verloor moet word nie.

'n Belangrike verskil tussen Jung en Freud gaan oor die strukture van die persoonlikheid. Vir Jung bestaan die totale persoonlikheid, naamlik die psige uit

verskillende stelsels wat in interaksie met mekaar funksioneer. Dié strukture sluit die ego, die persoonlike onbewuste en die kollektiewe onbewuste in. Die ego is vir Jung 'n bewuste struktuur (Möller, 1987:52).

Verder wys Hall & Lindzey (1978:118) daarop dat Jung bo en behalwe die bogenoemde interafhanklike stelsels verklaar dat daar houdings ("attitudes") van introversie en ekstroversie in persoonlikhede asook die volgende funksies: denke, gevoel, gewaarwording en intuïsie bestaan.

Jung (1953:542-543) verklaar dat ekstroversie beteken 'n uitwaartse beweging van die libido. Laasgenoemde (die libido) beskou hy as 'n neutrale soort lewensenergie, wat nie gebonde is aan 'n bepaalde drang nie. (Vgl. Grobler, 1986:70.) Voortgaande sê Jung dat met ekstroversie bedoel hy 'n verwantskap wat uitgaan van die subjek (self) na die objek (ander persoon/persone of voorwerp) - 'n subjektiewe en positiewe beweging van belangstelling in die objek. Elkeen wat in 'n toestand van ekstroversie verkeer, dink, voel en tree op met betrekking tot die objek, "... and moreover in a direct and clearly observable fashion, so that no doubt can exist about his positive dependence upon the object" (Jung, 1953:542). In 'n sekere sin sê Jung is ekstroversie 'n uitgaande oordrag van belangstelling vanuit die subjek (self) na die objek. As dit 'n intellektuele ekstroversie is, dink die subjek homself in die objek; as dit 'n gevoelsekstroversie is, voel die subjek homself in die objek. Vervolgens maak Jung 'n onderskeid tussen aktiewe en passiewe ekstroversie. As die ekstroversie bewustelik is, dan noem hy dit aktiewe ekstroversie; aan die ander kant, as die objek dit "afdwing" van die subjek, dit wil sê, as die objek die belangstelling van die subjek "aantrek" uit eie beweging, selfs teen laasgenoemde se oogmerk, dan noem hy dit passiewe ekstroversie. As die toestand van ekstroversie 'n gewoonte word dan word dit 'n ekstratensiewe tipe persoonlikheid (Jung, 1953:542-543 en 1965:69).

Grobler (1986:71) tipeer, na aanleiding van Jung se siening, die ekstrovert as iemand wat maklik by omgewingstoestande aanpas, verkies om betrokke te raak by mense en bedrywighede, met enige mens vriende kan maak, altruïsties of onselfsugtig is, en hom hou by die kodes en gebruike van die groep. Hy toon ook swak insig in homself.

In die geval van introversie, sê Jung, dui dit op 'n binnewaartse vloei of beweging van die libido. Die belangstelling gaan nie vanuit die subjek (self) na die objek (ander) nie, maar beweeg terug na die subjek. Elkeen wat 'n introversiewe houding het, dink, voel en handel op 'n manier wat duidelik daarop dui dat die belangrikste motiveringsfaktor die subjek is, terwyl die objek slegs van sekondêre belang is. Voorts verklaar hy dat introversie óf 'n emosionele óf 'n intellektuele karakter kan hê, net soos dit ook deur óf intuïsie óf sensasie (gewaarwording) gekarakteriseer kan word. Jung verklaar verder dat introversie aktief is wanneer die subjek 'n sekere afsondering teenoor die objek wil hê; en dit is passief as die subjek nie in staat is om die houding tot die objek te herstel nie, dit wil sê, die libido vloei terug na die subjek. Wanneer introversie 'n gewoonte is, word dit 'n introverte tipe genoem (Jung, 1953:367 en 1965:69).

Volgens Grobler (1986) verkies die introvert om nie deel te neem aan uiterlike gebeurtenisse nie, en verkies ook lievers sy eie geselskap. Hy hou ook nie van groot groepe mense nie. Hy hou by sy eie oortuigings en die manier van dinge doen. Dit mag lei tot egosentriese gedrag. Sy hoë standaarde en kritiese, asook sy wantrouige houding, belemmer sy kontak met ander mense (Grobler, 1986:71).

Volgens Meyer (1987:112-113) verklaar Jung dat die psigiese energie, wat hy die libido noem, die grondslag is van alle gedrag. Hierdie libido is by alle persone veral op die buitewêreld gerig óf hoofsaaklik op die individu se eie geesteslewe. Jung het dan ook daarvolgens die onderskeiding gemaak tussen ekstroverte, dit wil sê, persone met belangstelling in ander mense of dinge rondom hulle, en introverte, wat

persone is wat na binne gekeer is en wat hoofsaaklik belang stel in hulle eie gevoelslewe as in belangstelling in sosiale omgang met ander persone.

Jung (1928:54-55) gaan van die standpunt uit dat geen mens eenvoudig net introvert of net ekstrovert is nie. Hy gee 'n denkbeeldige voorbeeld van twee persone, een 'n ekstrovert en die ander 'n introvert wat in die veld gaan wandel het en op 'n kasteel afgekom het. Die ekstrovert was baie gretig om binne te gaan en die introvert nie. Toe hulle binne in die kasteel is, vind hulle ou manuskripte waarin die introvert belang stel. Laasgenoemde se belangstelling veroorsaak dat die introvert 'n verandering ondergaan en optree soos 'n ekstrovert, terwyl die ekstrovert verveeld raak en soos 'n introvert optree.

Grobler (1986:71) bevestig Jung (1928) se opvatting dat albei die neigings, naamlik, ekstroversie en introversie, by alle mense teenwoordig is en dat 'n gebalanseerde uiting daarvan beter is as 'n eensydige houding.

Volgens Morris (1979:7) is daar 'n definitiewe verskil tussen Jung se siening van ekstroversie en introversie as ander wat ook oor dié begrippe geteoretiseer het, naamlik Eysenck. Eysenck se benadering is meer biologies en volgens gedragsuitinge georiënteer teenoor Jung se intrapsigiese benadering. Verder verklaar Morris (1979:7) dat Eysenck en Jung se teoretiese beskouing en invloed grootliks aanvullend is.

Jung het ook in 'n mate verwys na die ego en selfkonsep, want hy tref 'n vergelyking tussen die "self" en "ego" en sê: "By ego, I understand a complex of representations which constitutes the centrum of my field of consciousness and appears to possess a very high degree of continuity. Hence I speak of an ego-complex." (1965:66.)

Dan verklaar Jung verder dat die egokompleks bestaan uit sowel 'n inhoud as 'n toestand van bewustheid. 'n Persoon is bewus van 'n sodanige psigiese element

(kompleks) in soverre as wat dit verwant is aan sy egokompleks. Maar, in soverre as wat die ego slegs die sentrum van sy bewussynsveld is, is dit nie identies met die totaliteit van die psige nie, synde dit dan slegs 'n kompleks is tussen ander komplekse. Verder beweer hy dat dit die rede is waarom hy onderskei tussen die ego en die self, omdat die ego slegs die onderwerp is van sy bewussyn, terwyl die self die onderwerp is van sy totaliteit, derhalwe sluit dit die onbewuste psige in. In hierdie sin sou die self 'n (ideale) faktor wees wat die ego omvat en insluit. Volgens Jung (1965:66) verskyn die self dikwels as 'n ideale persoonlikheid in die onbewuste fantasie.

Burns (1979:18-19) wys daarop dat Jung (1960) Freud nageboots het om te glo dat die ego die bewuste deel van die persoonlikheid is. Voorts sê hy dat Jung die self as die allesinsluitende wese van die totale onbewuste en bewuste aspekte beskou het. Dit is 'n argetipe wat die mens se strewe vir eenheid en geheelheid nastrewe. Jung, volgens Burns (1979:18-19), maak daarop aanspraak dat die self nie ontstaan voordat al die verskillende komponente van die persoonlikheid eers ten volle ontwikkel en individuasie ("individuation") plaasgevind het nie, en dit kan slegs gebeur wanneer die persoon middeljarigheid bereik. Die self verteenwoordig 'n ewewig tussen die bewuste (die ego) - en die onbewuste vlakke. Hierdie sienswyse van strewe na 'n enkele doelstelling van selfontwikkeling het baie gemeen met die fenomenologiese beskouinge van selfaktualisering en die proses van wordings om te aktualiseer (Burns, 1979:18).

Viljoen (1989:82) verklaar ook dat Jung die self beskou as 'n argetipe wat die mens motiveer om die verskillende komponente van die psige tot 'n harmonieuse geheel te integreer. Die self verteenwoordig die mens se strewe na eenheid, integrasie, volledigheid en geheelheid, met ander woorde, onverdeeldheid. Die self word verwesenlik wanneer die bewuste en die onbewuste nie meer in opposisie teenoor mekaar staan nie, maar mekaar aanvul om 'n groter geheel te vorm.

Schultz (1976:123-124) wys daarop dat die ego vir Jung die bewuste psige is, die deel wat gemoeid is met waarneming, denke, gevoel en geheue. Dit is die bewustheid van onself en is verantwoordelik vir die uitvoering van ons normale aktiwiteite wanneer ons wakker is. Die ego, vervul 'n selektiewe funksie - dit verleen slegs 'n deel van die stimuli wat voortdurend aan ons blootgestel word om ons bewussyn binne te kom. Die ego voorsien ook 'n gevoel van kontinuïteit waarvolgens ons, ons wêreld en onself waarneem.

2.2.1.1 Evaluering van Jung se teorie

Jung se teoretiese beskouinge is veral gekritiseer omdat dit sogenaamd nie 'n wetenskaplike benadering in die bestudering van die persoonlikheid is nie. Hy het sy teorie ontwikkel op grond van selfanalise, asook waarneming van sy pasiënte. Verder het hy gegewens verkry uit bronne soos die godsdiens, okkultisme, mistisisme en alchemie, aldus Viljoen (1988:100).

Volgens Grobler (1986:75) bied Jung 'n unieke bydrae tot die teorie van gedrag. Hy is bereid om intuïtiewe, asook irrasionele verskynsels te aanvaar en sodoende standpunte wat aandag verdien oop te maak en aan die lig te bring. Daardeur gee Jung nuwe dimensies aan die menslike persoonlikheid.

Grobler (1986:75) wys verder daarop dat dit moontlik is om die psigologie te bestudeer of te beoefen sonder om na Jung te verwys, want baie wat Jung waargeneem en beskryf het, is in ander teorieë en navorsing opgeneem. Hy het dus baie bygedra tot die psigologie, byvoorbeeld sy persona wat veral handel oor sosiale rolle en selfkonsep.

Morris (1979:6) konstateer ook dat Jung se teorieë geweldige impak gehad het op klinies georiënteerde psigoloë (en denke) sowel as van ander teoretici.

Schultz (1976:136-137) wys daarop dat nieteenstaande Jung baie eer ontvang het van die intellektuele gemeenskap, sy werk grootliks óf geïgnoreer óf verwerp is

deur die psigoloë. Terwyl dit waar is dat die woordassosiasietoets en die begrip introversie-ekstroversie en sy denkbeeld van selfverwesenliking gebruik is (hoewel op verskillende maniere) deur ander persoonlikheidsteoretici, is die meeste van Jung se werk nie aanvaar nie. Volgens dieselfde skrywer is dit waarskynlik aan onduidelikheid van die beskrywing van sy konsepte te wyte.

Ondersoeker is van mening dat Jung se teorie in 'n mate bygedra het om die menslike persoonlikheid beter te verstaan. Sommige van sy beskouings is egter nie baie duidelik nie, en sy werk lees daarom moeilik.)--> So what?

2.2.2 Raymond B. Cattell (1925 -)

Madge (1989:291) noem Cattell se teorie die faktoranalitiese model van persoonlikheid. Sy verklaar dan verder dat Cattell en H.J. Eysenck hedendaags beskou word as die belangrikste eksponente van die faktoranalitiese teorie van persoonlikheid (Madge, 1989:291). Dit blyk dus uit voorafgaande dat Cattell persoonlikheid sien as bestaande uit dimensies wat hy trekke ("traits") noem.

Cattell (1965:28-29) gaan van die standpunt uit dat oorerwing sowel as omgewing 'n rol speel in die ontwikkeling van 'n trek in die persoonlikheid, en verklaar dat omgewing bestaan uit beide fisiese en psigiese faktore. Verder verklaar hy dat die omgewing alreeds in die baarmoeder begin. Cattell beskou 'n trek as 'n relatief permanente neiging tot reaksie van 'n persoon in 'n gegewe situasie. Verder wys hy daarop dat trekke gewoonlik in drie kategorieë modaliteite verdeel kan word, te wete bekwaamheidstrekke of vermoëns ("abilities"), temperament- en dinamiese trekke.

'n Bekwaamheidstrek bestaan, volgens Cattell (1965:28), uit die wyse waarvolgens die individu reageer in 'n gegewe situasie as hy besluit het watter doel hy met sy optrede wil bereik. 'n Temperament of algemene persoonlikheidstrek is gewoonlik

stilisties, in die sin dat dit betrekking het op die tempo, vorm of wyse van reaksie en volharding. 'n Dinamiese trek het betrekking op motivering en belangstelling.

Cattell wys verder ook daarop dat daar algemene trekke ("common traits") is, byvoorbeeld intelligensie, gemeenskapsgevoel (kuddevorming) en introversie-ekstroversie. Dan noem Cattell (1965:28) ook die bestaan van unieke trekke, soos dié wat nie in 'n ander persoon aangetref word nie, met ander woorde, net eie is aan die besondere persoon.

Cattell (1965:28-32) maak die stelling dat baie psigoloë nog nie besef hoeveel navorsing daar oor oorerwing gedoen is wat terselfdertyd lig werp op sosiale leer ("environmental learning") nie. Daarmee bedoel Cattell (1965:28-29) dan weer eens dat die ontwikkeling van 'n mens se persoonlikheid deur oorerwing en omgewing bepaal word. Hy wys daarop dat genetiese rypwording in persoonlikheidsverandering dikwels nie aandag geniet nie. Hy beskou dit as verkeerd en benadruk dit dat genetiese rypwording 'n belangrike bydrae lewer in die ontwikkeling van persoonlikheid.

Verder onderskei Cattell (1965:374-375) tussen twee basiese groepe trekke, naamlik basis- ("source trait") en oppervlaktetrek ("surface trait").

Plug *et al.* (1991:35-36) definieer 'n basistrek soos volg: "'n Hipotetiese onderliggende trek (of faktor) wat sekere korrelasies tussen persoonlikheidsveranderlikes verklaar", terwyl Plug *et al.* (1991:253) 'n oppervlaktetrek definieer as: "Enige groep veranderlikes, soos toetsresultate, wat onderling met mekaar gekorreleer is. Dit is nie nodig dat die navorser weet wat die verband tussen die veranderlikes is nie."

Volgens Plug *et al.* (1991:52) het Cattell intensiewe navorsing gedoen op verskeie terreine en het veral gebruik gemaak van faktorontleding in sy studie van persoonlikheid.

Schultz (1976:270-271) wys daarop dat Cattell baie navorsing gedoen het om die persoonlikheid objektief en noukeurig te meet. Hy het drie verskillende metingstegnieke gebruik. Hierdie gegewens of data, volgens Schultz (1976), wat deur hierdie tegnieke verkry is, word die L-data, Q-data en T-data genoem.

Volgens Schultz (1976:270) en Cattell (1965:371-375) verteenwoordig die L-data die spesifieke soort gedrag wat voorkom in mense en wat deur beoordelaars geëvalueer word. Dit is gedrag wat in werklike lewensituasies waargeneem word. Die Q-data word weer bepaal met behulp van vraelyste wat deur die proefpersoon beantwoord word - dit beteken dus dat die proefpersoon homself beoordeel, terwyl die T-data verkry word deur objektiewe toetse. In laasgenoemde tegniek (T-data) repondeer die persoon sonder dat hy daarvan bewus is dat hy geëvalueer word.

Volgens Madge (1989:301) beskou Cattell objektiewe toetse (L-data) uiteindelik as die mees korrekte instrument van meting van persoonlikheid; hoofsaaklik omdat sulke toetse nie vatbaar is vir verwringing deur die proefpersoon nie.

Cattell het verskillende persoonlikheidsvraelyste gestandaardiseer, waarvan die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF) die mees bekendste is en wat sestion eerste-ordefaktore van die persoonlikheid meet. Die sestion faktore word bipolêr bepaal en behels die volgende:

Lae telling	Hoë telling
A- Terughoudendheid	A+ Hartlikheid
B- Lae intelligensie	B+ Hoë intelligensie
C- Egoswakheid	C+ Hoër egosterkte
E- Onderdanigheid	E+ Dominansie
F- Soberheid	F+ Sorgvryheid
G- Laer superegosterkte	G+ Hoër superegosterkte
H- Skugterheid	H+ Sosiale vrypostigheid
I- Ontoegaeftikheid	I+ Emosionele gevoeligheid

L- Gevoel van geborgenheid	L+ Agterdogtigheid
M- Prakties	M+ Onkonvensioneel
N- Nâiwiteit	N+ Skerpsinnigheid
O- Onverstoorbare selfversekerdheid	O+ Geneigdheid tot skuldgevoelens
Q ₁ - Konserwatisme	Q ₁ + Radikalisme
Q ₂ - Groepafhanklikheid	Q ₂ + Selfgenoegsaamheid
Q ₃ - Gebrekkige selfsentiment-integrasie	Q ₃ + Sterk selfsentiment
Q ₄ - Lae erg-gespannendheid	Q ₄ + Hoë erg-gespannendheid

(RGN, 1983:15-22); (Cattell *et al.* 1970:80-109 en Maas, 1975:23-24).

Die betekenis van die woord *erg*, wat hierbo onder Q₄ genoem is, word deur Plug *et al.* (1991:92) volgens Cattell gedefinieer as "'n aangebore geneigdheid om betrokke te raak by sekere aktiwiteite in reaksie op bepaalde stimuli".

Behalwe bogenoemde eersteorde-faktore het Cattell *et al.*, 1970:1) ook tweedeorde-faktore deur middel van faktorontleding bepaal. Volgens sy tabel is daar agt sulke tweedeorde-faktore wat ook bipolêr is, verkry (Cattell *et al.*, 1970:116).

Maas (1975:29-30) en Cattell *et al.* (1970:116) gee die volgende lys van die agt tweedeorde-faktore wat soos hierbo genoem ook bipolêr is:

Q_I: Introversie *teenoor* ekstroversie (A+, E+, F+, H+, Q₂-). (In die onderhawige studie het ondersoeker die E+ vir die bepaling van introversie-ekstroversie buite rekening gelaat omdat Cattell (1973:116) nie meer faktor E+ as komponent van introversie-ekstroversie beskou het nie.) (Vgl. ook Madge, 1982 en RGN, 1983:30.)

Q_{II}: Aanpassing *teenoor* angs (C+, H-, L+, O+, Q₃+, Q₄+).

Q_{III}: Gevoelsafhanklikheid *teenoor* kortikaliteit (A-, I-, M- ten opsigte van vroue alleen plus E+ en L+).

Q_{IV}: Onderworpenheid (gelatenheid) *teenoor* onafhanklikheid (E+, L+, M+, Q₁+ en Q₂+).

Q_V: Natuurlikheid *teenoor* versigtigheid (N+ ten opsigte van vroue alleen: A+, M-, O-).

Q_{VI}: Koue realisme *teenoor* kwistige subjektiewiteit (I+, M+ en L-).

Q_{VII}: Lae intelligensie *teenoor* hoë intelligensie (B+).

Q_{VIII}: Lae superegosterkte *teenoor* hoë superegosterkte (G+, Q₃+ en F-).

2.2.2.1 *Evaluering van Cattell se teorie*

Cattell (1965:28) se standpunt oor die feit dat oorerwing sowel as omgewing 'n rol in die ontwikkeling van 'n trek ("trait") in die persoonlikheid speel, is volgens hierdie navorser korrek.

Volgens Madge (1989:314-315) is dit geregverdig dat sekere aspekte van Cattell se persoonlikheidsteorie gekritiseer kan word, maar dat sy werk uniek is ten opsigte van die volgende feite:

- Cattell se faktoranalitiese studies en navorsing betreffende die struktuur van persoonlikheid is in besonder gebaseer op 'n breë grondslag, naamlik die totale persoonlikheidsfeer.
- Die identifikasie van meetbare trekke, wat feitlik oor die hele lewensloop strek, is een van die grootste bydraes in die bestudering van persoonlikheidsontwikkeling wat Cattell in staat gestel het om ouderdomsneigings in die genese en vorming van persoonlikheidstrekke te bewys.
- Vir elk van die basistrekke van persoonlikheid het Cattell gepoog om die spesifieke bydrae van genetiese en omgewingsfaktore te bepaal.

■ 'n Groot verskeidenheid kenmerkende verwantskappe tussen belangrike basistrekke en werklike lewensprestasies in verskeie areas, byvoorbeeld die skool, loopbane, leierskap en kliniese verskynsels is deur Cattell gevind. Hierdie aspekte dien ter staving van die feit dat persoonlikheidsfaktore nie slegs matematiese abstraksies is nie, maar hoogs relevant is vir die daaglikse lewe.

Navorser stem ook saam met Madge (Meyer, 1989:314) dat Cattell in sekere opsigte gekritiseer kan word, maar dat sy persoonlikheidsteorie en navorsing wat hy oor die jare daarvoor gedoen het, beskou kan word as uniek. Hier word gedink aan sy faktoranalitiese ondersoeke aangaande die struktuur van persoonlikheid en die bepaling van meetbare trekke ("traits") wat kontinu is oor feitlik die hele lewensloop. Die voorafgaande bevindinge word beskou as Cattell se belangrikste bydraes tot die bestudering van persoonlikheidsontwikkeling.

Maas (1975:75) se stelling dat Cattell se kwantitatiewe benaderingswyse tot die bestudering van persoonlikheid nie sy belangstelling vereng het nie, is waar, want in sy navorsing en gepubliseerde werke toon Cattell dat hy kennis van die bevindinge van ander navorsers geneem het.

Verder verklaar Maas (1975:75) dat Cattell se teorie, hoewel ingewikkeld, is dit in duidelike taal gestel sodat die betekenis maklik verstaanbaar is. Dan verklaar hy dat dit wil voorkom asof Cattell sy publikasies oorhaastig afgehandel het en oorlaai het met feite wat soms nie ter sake is nie. Dit mag een rede wees waarom sy teorie nie sterker ondersteuning geniet nie.

Hall en Lindzey (1978:557) meen dat baie psigoloë gevoel het dat faktorteorieë glad nie teorieë is nie, want sommige van die sisteme omskryf eenvoudig die belangrike veranderlikes of faktore sonder aanduiding van die ontwikkelingsproses. Dit maak ook nie voorsiening vir gedetailleerde aannames betreffende gedrag wat die voorspellings van onopgemerkte data moontlik sou maak nie. Hieroor verklaar Hall

en Lindzey (1978) dat laasgenoemde kritiek nie van toepassing is op Cattell se navorsing (teorie) nie.

Skrywer stem ook saam met McAdams (1990:211) dat Cattell 'n sterk voorstander is van 'n stiptelike kwantitatiewe wetenskap van trekke. Sy statistiese ontledings van verskeie soorte trekke het hom oortuig dat die hele persoonlikheid deeglik verstaan kan word en sy gedrag ten volle voorspel kan word deur meting van minstens die sestien basistrekke met behulp van die 16-PF. In hierdie opsig verklaar Bischof (1970:489) dan ook dat Cattell baie sterk daarop staan dat indien persoonlikheid nie deur meting bepaal kan word nie, dan behoort dit nie 'n persoonlikheidsteorie genoem te word nie, maar liewers filosofie.

2.3 BESKOUINGE (TEORIEË) OOR SELFKONSEP

In hierdie afdeling gaan die navorser teorieë bespreek van verskeie teoretici wat spesifiek oor selfkonsep asook sekere persoonlikheidsteorieë waarin die self, selfkonsep en selfbeeld sterk figureer geteoretiseer het. Teorieë van teoretici wat hier bespreek gaan word, is die van James, Cooley, Mead, Allport en Rogers.

2.3.1 William James (1842-1910)

Volgens Burns (1979:6) was James die eerste psigoloog wat op 'n oortuigende wyse die noodsaaklike onderskeid van die subjek-objek uitgewerk het.

James was die grondlegger van die funksionalisme in Amerika. Hy was, soos die ander funksionaliste, naamlik Wundt en Titchener in Duitsland, daarop ingestel dat psigologie as 'n jong wetenskap prakties moes wees. William James was sterk gekant teen die ontleding van die mens se bewussyn volgens elementêre gewaarwordinge soos in die geval van die analitiese metodes. Hy was ook van mening dat psigologie nie slegs gebaseer moet wees op die verskynsels wat in die laboratorium bestudeer word nie (Jordaan *et al.*, 1975:14).

In sy definisie van psigologie verklaar James (1890:1) dat dit die wetenskap van die mens se geesteslewe ("mental life"), sy verskynsels en hul toestande is.

James (1890:291-292) verwys na die begrippe self en ego. Hy maak die stelling dat die begrip (woord) "mens" self 'n wye begrip is wat homself en alles wat hy syne kan noem, insluit.

Volgens Stevens (1974:69) verdeel James die bestanddele van die self in twee klasse, naamlik die empiriese self (die "my") wat bestaan uit drie aspekte van die self en die suiwer ego (die "ek") (vgl. James, 1950, I:291-401): Die drie aspekte van die empiriese self is die materiële, die sosiale en die geestelike ("spiritual") self.

■ *Die empiriese self (die "my", Eng.: "me")*

Die mens se liggaam is die binneste deel van die materiële self (James, 1950:292). Stevens (1974:70) verklaar dat dit blyk asof James met die materiële self die liggaam bedoel. Dit is egter nie so nie, want James (1950, I:292) brei op die begrip uit om daardie voorwerpe soos die persoon se klere, sy huis, sy vrou en kinders, sy voorouers en vriende, ja, alles wat aan hom behoort - dit wat hy syne, oftewel myne ("my") noem, in te sluit.

Die tweede empiriese self, oftewel die sosiale self ("my"), is die self wat hy van sy vriende kry. Dit is die sosiale erkenning wat die mens van ander ontvang. Ons is nie slegs "kuddediere" wat daarvan hou om in aansien by ons medemens te wees nie, maar ons besit 'n ingebore geneigdheid om onself gunstig waarneembaar te maak. Volgens James (1950:293) is een van die grootste strawwe wat 'n mens 'n persoon kan oplê, is om hom heeltemal uit die samelewing te stoot en dat hy deur almal geïgnoreer word. Verder verklaar hy dat 'n mens meer as een sosiale self ("many social selves") het, en hy bewoord dit soos volg: "Properly speaking, a man has as many social selves as there are individuals who recognize and carry an image of

him in their mind. To wound any one of these images is to wound him." (James, 1950:294.)

Die derde aspek van die empiriese self, volgens James (1950:296), is die geestelike self ("spiritual self"). Hy verklaar dat hy daarmee die innerlike of subjektiewe wese van die mens bedoel - sy psigiese vermoëns of neigings. Hy verklaar voorts dat laasgenoemde die mees duursame en intiemste deel van die self is, en dat dit inderdaad is wat ons skyn te wees. Ons kry 'n egte gevoel van selfvoldoening as ons dink aan ons redeneervermoë en om tussen reg en verkeerd te kan onderskei, asook ons morele gevoeligheid, gewete en ook as ons ons ander besittings ("possessions") in oënskou neem.

■ *Die suiwer ego (die "ek")*

Volgens James, soos Stevens (1974:69-70) dit aantoon, is die suiwer ego die aspek wat verwys na selfidentiteit oftewel die identiteit van die subjektiwiteit.

Raath en Jacobs (1990:6) verwys na James se opvatting van die suiwer ego, soos dit deur Gordon en Gergen (1968:33) aangehaal is, en verklaar: "Die ek ('I') is daardie aspek van die self wat suiwer ego is. Dit kan ook beskryf word as die 'objek' wat aktief ondervind, waarneem, voel, kies, onthou of beplan." Dan vervolg Raath en Jacobs dat die ek is volgens James dié aspek of deel van die self wat altyd dieselfde bly.

Burns (1979:6) wys daarop dat James (1890) aanvaar dat alles, self en nie-self, objek is. Hierdie alles, dit wil sê, die totale self noem hy die globale self; hierby het hy die bewussynstroom ingesluit. Verder verklaar hy dat James (1890) beskou die globale self as tegelykertyd "my" en "ek". Laasgenoemde is onderskeidende kenmerke van dieselfde entiteit, 'n onderskeiding tussen suiwer ervaring (ek) en die inhoud van die ervaring (my, in Engels "me"); tussen 'n self as subjek (ek, in Engels "I") en 'n self as objek (my, in Engels "me").

Volgens Benson (1974:26) is 'n persoon in staat om oor homself op twee duidelik verskillende maniere te dink, en volgens hom was James (1950) die eerste psigoloog om die belangrikheid daarvan te herken. Hy sê dat James die deel van die persoonlikheid wat in die sentrum van die bewustheid is, die "ek" noem. Die ander deel wat verskyn as die objek (voorwerp) van bewustheid, noem hy die "my". Die "ek" neem waar, voel aan (gewaarwording), voel (tas) en weet. Dit is die setel of sentrum van die bewussynstroom. Die "my" is die self wat objektief waargeneem word; dit is die voorstelling van die self vir die openbare mening. Laasgenoemde is die sosiale self - die voorstelling wat daarop ingestel is om 'n uitwerking op ander persone te hê.

2.3.1.1 Evaluering van James se teorie

Skrywer stem saam met Deaux en Wrightsman (1984:56-57) se verklaring dat James as psigoloog van die mees uitgesproke teoretici is oor die self, en sy geskrifte beïnvloed steeds hedendaagse denke. Verder skryf hulle dat James geglo het dat die ervaring van selfheid 'n sosiale ervaring is - dit beteken, soos hulle dit stel, dat ons persoonlike identiteite krities afhanklik van ons verwantskapsverhoudinge met ander mense is. Volgens hulle was dit dan ook eintlik James wat psigoloë bewus gemaak het van die identiteitsbedreigde gevolg as die verwantskap met ander persone geëlimineer word, met ander woorde, as mense jou ignoreer en uit die samelewing stoot.

Hoewel skrywer nie in alle opsigte saamstem met James (1950) se siening nie, moet ons toegee dat hy met sy teorie aan die einde van die neëntiende eeu 'n nuwe era ingelei en van die ou beperkte siening van die mens weggebreek het.

2.3.2 Charles H. Cooley (1864-1929)

Cooley (1964:3-4) wys in sy boek daarop dat daar tydens 'n sekere era alle vrae oor die mens se lewe uit 'n ewolusionistiese gesigspunt benader en beskou is. Dit

beteken dat ons lewe 'n geskiedenis is en dat niks losstaande ("disconnectedly") in die lewe plaasvind nie, met ander woorde, alles wat ons is of doen, is 'n "stroom" wat afkomstig is uit die verre verlede. Voortgaande verklaar hy dat elke woord wat ons spreek, elke beweging wat ons maak, elke idee wat ons het, elke gevoel wat ons kry, is in een of ander opsig wat ons voorouers in die verlede gedoen, gedink of gevoel het.

Verder verklaar Cooley (1964:35) dat as ons die ewolusionistiese beskouing aanvaar dan sien ons die verwantskap tussen die samelewing en individu as 'n organiese verwantskap. Verder verklaar hy dat ons ook dan tot die besef kom dat die individu nie skeibaar van die samelewing is nie.

Cooley (1964:168) beskou die self as ekwivalent met die volgende voornaamwoorde (eerste persoon, enkelvoud): ek ("I"), my ("me"), my ("my"), myne ("mine") en ekself. Verder beklemtoon hy dat metafisici en moraliste aan die "self" en "ego" ander betekenis gee as die psigoloë wat daarna verwys as ek ("I"). Cooley (1964:168) sê dat psigoloë dit ook die empiriese self noem. Hierdie self verklaar Cooley het vir hom 'n sosiale konnotasie, met ander woorde, sosiale self. Dis die self wat begryp of bewys kan word deur alledaagse waarneming.

Burns (1979:13) wys daarop dat Cooley (1902) beweer dat as daar melding gemaak word van die individuele self dan wek dit sterker emosies as wanneer daar verwys word na nie-self ("non-self"), en dit is slegs deur objektiewe gevoelens dat die self geïdentifiseer kan word.

Benson (1974:28) en Burns (1979:13) verwys albei na die "spieëlbeeldteorie" ("looking-glass self theory") van Cooley (1902). Daarin verklaar laasgenoemde dat 'n persoon hom daarvolgens voorstel en 'n denkbeeld vorm hoe hy homself aan ander persone voordoet, en ook wat hy glo ander persone van hom dink - die individu se selfkonsep word betekenisvol deur laasgenoemde proses beïnvloed. As

hy dink ander persone se beoordeling van hom is gunstig reageer hy met trots, maar indien ongunstig, reageer hy met 'n gevoel van vernedering.

2.3.2.1 Evaluering van Cooley se teorie

Navorser kan nie met Cooley (1964:4) saamstem waar hy verklaar dat "... if we go far enough back we find that man and the other animals have a common history, that both sprang remotely from a common ancestry in lower forms of life and that we cannot have clear ideas of our own life except as we study it on the animal side and see how and in what respect we have risen above the condition of our cousins the horses, dogs and apes". Dit wil voorkom of Cooley nie seker is dat ons as mense deur ons hemelse Vader geskape is nie. (Vgl. Gen. 1:26.) Dat daar wel 'n mate van ontwikkeling plaasgevind het, stem navorser saam - veral op psigiese en verstandelike gebied. Die stelling wat Cooley (1964:4-6) maak dat *lewe* 'n lang geskiedenis het, is ook korrek, maar die suggestie dat die mens en die dier gemeenskaplike voorouers ("ancestry") gehad het, kan skrywer nie aanvaar nie.

Ondersoeker stem volkome saam met Worchel *et al.* (1991:70-71) waar hulle bevestig dat Cooley (1902) al jare gelede verwys het na die "looking-glass self". (Worchel *et al.* noem dit "reflected appraisal", met ander woorde, in Afrikaans "weerkaatste waardebeoordeling".) Laasgenoemde skrywers verklaar dan ook dat Cooley (1902) gesê het dat hierdie "looking-glass self" die mens altyd 'n idee gegee het, soos Benson (1974:28) dit ook gestel het, wat ander persone van hom dink en dat dit 'n persoon help om homself daarvolgens te evalueer.

Sargent en Williamson (1966:160) meen dat Cooley verbeelding 'n deurslaggewende rol in die proses van sosiale wisselwerking laat speel. Voorts verklaar hulle dat elkeen van ons bestaan slegs as 'n sosiale persoon in die gees ("mind") van ander persone. Hulle haal Cooley soos volg aan: "The imaginations which people have of one another are solid facts of society." (Sargent en Williamson, 1966:160.)

Skrywer stem volkome saam met die betrokke skrywers oor laasgenoemde stellings van Cooley se opvattinge.

Net soos James (1890) het Cooley (1964) ook baanbrekerswerk gedoen om die mens beter te verstaan ten opsigte van selfkonsep en sy gevoelslewe.

2.3.3 George H. Mead (1863-1931)

Mead (1934:135) verklaar dat die taalproses besonder belangrik is vir die ontwikkeling van die self. Verder verklaar hy: "The self has a character which is different from that of the physiological organism proper." Hy verduidelik voorts dat die self kan ontwikkel, en dat dit nie aanvanklik by geboorte aanwesig is nie, maar dat dit in 'n gegewe individu in die proses van sosiale ervaring ontstaan, dit wil sê, as gevolg van sy verhoudinge met ander individue. Taal speel 'n belangrike rol in sosiale verhoudinge wat weer op sy beurt die self help ontwikkel.

Mead (1934:209) maak 'n onderskeid tussen die "ek" en die "my" ("me") as verskillende stadia of fases van die self. Die "my" beantwoord aan georganiseerde houdings van ander persone wat ons beslis aanvaar en wat gevolglik ons eie gedrag bepaal.

Biddle (1979:290) verwys na Mead (1934) wat die self in twee komponente verdeel, naamlik die self as agent (die "ek") en die self as 'n voorwerp van weerspieëling en beoordeling (die "my"). Wat die eerste komponent (die "ek") betref, word die self as agent beskou, 'n onafhanklike individu wat dinge ervaar, valueer, dink, benodig of begeer. Die "ek" bestaan vir Mead, volgens Biddle (1979:290), uit die impulsiewe neiging van die individu. Die tweede komponent, naamlik die "my" ("me") verteenwoordig die persoon as voorwerp, 'n fisiese liggaam en locus (plek) van sosiale eienskappe as ontvanger van ander persone se gedrag, en een op wie standarde van gedrag toegepas word.

Mead (1934:154) verklaar dat die individu sy eenheid van die self van die georganiseerde gemeenskap of sosiale groep verkry. Hy sê dit kan ook genoem word "the generalized other". Die houding van laasgenoemde is ook die houding van die hele gemeenskap. Vervolgens gee hy 'n voorbeeld van so 'n sosiale groep, naamlik 'n groep persone wat dans ("a ball team"). Hy noem die groep dansers die veralgemeende ander ("generalized other") - hulle deel in dieselfde aktiwiteit, met ander woorde, hulle dans saam.

Volgens Burns (1979:14-15) het Mead die sosiale selfteorie van James noukeurig uitgewerk, asook op dié van Cooley uitgebrei, en 'n meer omvattender teorie van die self voortgebring. Soos in die geval van Cooley sien Mead, volgens Burns, geen ander plek van ontstaan van die self as in die samelewing nie (Burns, 1979:14).

2.3.3.1 Evaluering van Mead se teorie

Navorsers stem saam met Coopersmith (1967:31), wat verklaar dat hy na aanleiding van Mead (1934) se formulering voel, dat ons die gevolgtrekking kan maak dat selfagting grotendeels die gevolg is van die gereflekteerde waardering van ander persone op die individu.

Rogers (1965:497) wys tereg daarop dat Mead, onder andere gehelp het om die kennis en vooruitgang van die ontwikkeling en funksionering van die self te bevorder.

Volgens Biddle (1979:290) het Mead ander teoretici beïnvloed ten opsigte van 'n derde komponent van die self, hoewel dit nie in Mead se werk gevind word nie, naamlik karaktertrekke van 'n persoon wat in een persoon voorkom en nie in 'n ander persoon tot openbaring kom nie.

Mead het, soos ons uit voorafgaande kan sien, net soos James en Cooley meegewerk om 'n beter begrip van die self daar te stel.

2.3.4 Gordon W. Allport (1897-1967)

Allport se teorie word deur Meyer (1989:327) as 'n holistiese teorie beskryf wat volgens Plug *et al.* (1991) beteken dat dit 'n standpunt is waarvolgens 'n lewende wese 'n geheel is, en as geheel bestudeer moet word, omdat die geheel ooreienskappe beskik wat nie ontdek kan word as die samestellende elemente afsonderlik bestudeer word nie.

Möller (1987:183) verklaar dat Allport (1961:28) persoonlikheid definieer as "die dinamiese organisasie van daardie psigofisiese stelsels binne die individu wat sy kenmerkende gedrag en denke determineer", met ander woorde, bepaal.

Meyer (1987:98) verklaar enkele van bogenoemde begrippe en sê dat "gedrag en denke dui op alles wat 'n persoon kan doen, waarneembaar sowel as onwaarneembaar". Stelsels (sisteme, volgens Meyer) dui op die inhoudelike aspekte van die persoonlikheid, soos gewoontes, houdings, behoeftes, belangstellings, vrese, herinnerings, ideale en waardes. Psigofisies dui dit daarop dat laasgenoemde stelsels 'n psigiese aspek het en in die liggaam bestaan, maar in besonder in die sentrale senuweestelsel. Die dinamiese organisasie dui daarop dat die verskillende psigofisiese stelsels mekaar onderling beïnvloed en as 'n geheel funksioneer.

Volgens Meyer (1988:370) het Allport se omvattende teorie daarvoor gesorg dat 'n groot deel van die menslike funksionering, wat in die Amerikaanse psigologie uit die oog verloor en verwaarloos is, weer onder die aandag van psigoloë gekom het.

Allport (1961:573) wys daarop dat ons in die psigologie die mens se persoonlikheid ten volle bestudeer as ons hom as 'n individu benader. Volgens hom bestaan die persoonlikheid uit meer as net 'n klomp gewoontes ("a bundle of habits"), asook meer as 'n interseksie ("intersection") van abstrakte dimensies. Verder verklaar hy: "He is more than a representative of his species, more than a citizen of the state,

more than an incident in the movements of mankind. He transcends them all."
(Allport, 1961:573.)

Allport (1961:110-130) gee 'n beskrywing van die ontwikkeling van die self. Hy sê dat dit makliker is om die self te voel as om die self te definieer.

As enige persoonlike toestand of omstandighede beskou word as "persoonlik myne" dan is die gevoel van die self aanwesig.

Volgens Allport (1961:111) is die baba nie bewus van 'n self nie. Die jong suigeling kan die "my" of "ek" nie van die res van die wêreld onderskei nie. Verder verklaar hy dat dit presies die skeiding behels wat die draaipunt van die latere lewe is. Voorts skryf hy dat bewustheid is nie dieselfde as selfbewustheid nie - nóg vir die suigeling nóg vir die volwassene. By die suigeling ontbreek selfbewustheid geheel en al. Die volwassene besit albei die eienskappe, maar hulle is nie identies nie.

Aleer skrywer die opvattinge van Allport (1961:113-128) oor die self (*proprium*) bespreek, gaan hy enkele definisies van Plug *et al.* (1991:289) volgens die beskrywing van Allport gee:

Proprium: "Die kern van die persoonlikheid. Dit behels daardie aspekte van die persoon waarby hy hom nou en intiem betrokke voel, byvoorbeeld sy belangrike waardes en doelstellings."

Propriale funksies: "Die funksies van die *proprium*, naamlik die liggaamlike selfgevoel, die gevoel van voortdurende selfidentiteit, selfrespek en trots, selfuitbreiding, die selfbeeld of -begrip, rasonale denke en *propriale* strewe."

Allport (1961:113-128) en Meyer (1987:124) beskryf vervolgens die sewe *propriale* funksies soos volg:

Liggaamlike selfgevoel: Dit kom vroeg in die lewe van die baba tot stand. Dit begin wanneer die baba merk dat sy liggaam iets anders is as die omgewing of buitewêreld; asook dat sy liggaam gevoelens van pyn, warmte, koue en genot ervaar. Dit ontwikkel gedurende die eerste drie jaar van die kind se lewe; maar die ontwikkeling gaan gedurende die hele lewe voort (Meyer, 1987:124).

Gevoel van voortdurende selfidentiteit: Volgens Schultz (1976:189) is dit die tweede stadium van ontwikkeling. Allport (1961:114-115) sê dat selfs in die ou man, al het sy liggaam en omgewing verander, voel hy dat hy nog dieselfde persoon is as toe hy drie jaar oud was - dit beteken dat al het hy fisiek en ook sy omgewing verander, bly sy selfidentiteit onveranderd; hy bly nog dieselfde "ek".

Selfrespek en trots: Allport (1961:120-121) noem dit "self-esteem, pride", dit wil sê selfagting. (Vgl. ook Plug *et al.* 1991:289 en 461.) Voordat die kleuter twee jaar oud is, wil hy rondbeweeg en sy omgewing beheer en dinge laat gebeur. Hy het 'n vurige hartstog om voorwerpe te hanteer en te ondersoek - 'n nuuskierige tweejarige kleuter kan in 'n paar minute 'n huis heeltemal omkrap.

Volgens Allport (1961:118) is hierdie hartstog van die kleuter die probleem van elke ouer, en nie die direkte refleksie van sy selfheid nie. Dit is eenvoudig 'n naderingsverhouding ("adient relation") tussen die kleuter en omgewing. Allport (1961:118) sê dat ons dit ook 'n eksplorasiedrang ("exploratory drive") kan noem.

Bogenoemde drie (aspekte van selfbewussyn) proprieale funksies ontwikkel geleidelik gedurende die eerste drie jaar van die kleuter se lewe. Die volgende (vierde en vyfde) aspekte ontwikkel van vier- tot sesjarige ouderdom.

Selfuitbreiding: Allport (1961:121-123) noem dit "the extension of self" en sê dat dit die gewaarwording van kompetisie is. Allport se siening soos vermeld deur Plug *et al.* (1991:319) is dat dit die vereenselwiging van die individu is met sake wat vir

hom waardevol is, soos sy standpunte, sy kerk en sy land. Allport noem dit sy driewiel en sy bal. Dit het dus te doen met besittings.

Die selfbeeld ("self-image"): In hierdie stadium vind ons ook die aanvangsfase van die selfbeeld, want die kind begin besef dat sy ouers wil hê dat hy 'n goeie seun moet wees, en dat hy by tye stout kan wees. Deur die proses van interaksie kom hy agter wat sy ouers van hom verwag.

Wanneer hy begin skoolgaan, ontwikkel sy begrip van identiteit, selfbeeld en sy vermoë vir selfuitbreiding in 'n groot mate (Allport, 1961:123).

Die self as rasionele besluitnemer ("The self as rational copier"): Die sesde proprieale funksie word deur Plug *et al.* (1991:289) die rasionele denke genoem. Allport (1961:124) verwys na die "rational copier" en verklaar voorts: "Previously he thought, but now he thinks about thinking." Die kind raak dus al meer geskool om probleme op te los. Hierdie rasionele self brei steeds uit.

Hjelle en Ziegler (1981:285) noem hierdie proprieale funksie ook "the sense of self as a rational copier" en gaan voort deur te verklaar dat die kind nou begin besef dat hy of sy die rasionele kapasiteit besit om die probleme in die lewe op te los en op 'n rasionele en logiese wyse te hanteer.

Allport (1961:123-124) wys daarop dat bogenoemde funksie, dit wil sê, die sesde proprieale funksie tussen ses- en twaalfjarige ouderdom ontwikkel.

Proprieale strewe ("Propriate striving"): Allport (1961:126) noem hierdie aspek van die self as baie belangrik. Hy sê dat dit nie in die vroeë lewe teenwoordig is nie. Volgens Meyer (1989:347) ontstaan die proprieale strewe eers gedurende die adolessente stadium, en verklaar dat dit dan vir die eerste keer is dat die persoon ernstig begin dink aan langtermynplanne vir sy toekoms.

Schultz (1976:189) op sy beurt verklaar die volgende: "Allport believed that until a person begins to plan ahead to longrange goals, the sense of self cannot be complete." Meyer (1985:135) meen verder dat die toppunt van proprieale ontwikkeling bereik word wanneer die persoon vir homself of haarself langtermyn-doeleindes en -ideale stel. Laasgenoemde word, volgens Meyer (1985), tydens adolessensie of later bereik.

Bogenoemde sewe aspekte (proprieale funksies), soos deur Allport (1961) beskryf, ontwikkel agtereenvolgens in die verskillende lewensfasies van die individu totdat dit die volwaardige selfkonsep (self) uitmaak. Hierdie self wat bestaan uit die sewe aspekte, die proprium, gee uniekheid aan die persoonlikheid.

Jordaan *et al.* (1975:885) verklaar dat Allport (1961) daarop wys dat om kennis van die self te hê, veronderstel dat die self toeganklik vir bewuste ervaring moet wees. Dit beteken dat die individu intens bewus moet wees van wat hy was, nou is en wat hy graag wil en behoort te wees. Bewuste ervaring van die self beteken wat Allport (1961:290-294) noem die selfobjektivering - twee belangrike aspekte van laasgenoemde is insig en humor.

Om kennis oor die self te besit, beteken dat die individu die verband moet kan verstaan en kan insien tussen dit wat hy is en dit wat hy dink is (Jordaan *et al.*, 1975:885). Laasgenoemde skrywers wys verder daarop dat Allport (1961) verklaar dat die belangrikste korrelate van selfinsig 'n goed ontwikkelde en ware humorsin is.

Volgens Möller (1987:212-213) het Allport se sterk geloof in die uniekheid van die mens se persoonlikheid en sy aandrag op die studie van die individuele geval hom 'n groot mate van kritiek op die hals gehaal.

2.3.4.1 Evaluering van Allport se teorie

Soos reeds genoem, het Allport die psigologie op nuut onder die aandag van die Amerikaanse psigoloë gebring.

Byrne & Kelley (1981:88) verklaar dat Allport gevoel het dat onderliggende trekke verantwoordelik is vir dit wat ons persoonlikheid noem. Hy het die bestaan van gemeenskaplike trekke van mense in 'n gegewe kultuur herken en dusdanig ook met mekaar vergelyk kan word.

Allport se teorie verteenwoordig 'n vermenging van humanistiese en personalistiese benaderingswyses van die bestudering van die mens se gedrag. Verder glo Allport dat die verklaring en bestudering van die individu se uniekheid die vernaamste doelwit van die psigologie is (Hjelle & Ziegler, 1981:315).

Dit is jammer dat Allport aanvanklik 'n eensydige klem op die persoonlikheid as bepaler van menslike gedrag lê, en ook nie die invloed van die algemene omgewingsfaktore op die mens se persoonlikheid in berekening bring nie. Die moderne standpunt is tog dat interaksies tussen persoonlike en omgewingsfaktore 'n belangrike bepaler is vir die vorming van persoonlikheid en gedragsuitinge. Volgens Hall en Lindzey (1978:472) het Allport in sy belangrike geskrif "Traits revisited" (1966) erken (nadat hy oor sy aanvanklike siening gekritiseer is) dat hy nagelaat het om die veranderlikheid in die persoonlikheid, wat veroorsaak word deur die ekologiese, sosiale en die situasiefaktore ("situational factors") in ag te neem.

Möller (1987:213) is van mening dat niemand anders as Allport die studie van die unieke persoon beklemtoon het nie; daarmee saam het hy ook die waardes as die mees stabiele menslike kenmerke onder die soeklig geplaas. Vir Allport was die psigologie se eintlike terrein motivering, die selfkonsep en die volwasse persoonlikheid (Möller, 1987:213).

Skrywer stem met bogenoemde stellings van Allport saam, asook met Allport se beskouing dat selfkonsep ontwikkel of gevorm word deur die menings of opvattinge van ander persone (Allport, 1961:118-119).

Nieteenstaande die kritiek teen Allport se persoonlikheidsteorie, het hy egter 'n groot en belangrike bydrae gelewer tot die psigologie, ten opsigte van persoonlikheid.

2.3.5 Carl R. Rogers (1902 -)

Hjelle en Ziegler (1981:399) klassifiseer Rogers se persoonlikheidsteorie as 'n fenomenologiese teorie, terwyl Bischof (1970:333) skryf dat Rogers geneig is tot 'n eksistensialistiese benadering. Hy meen verder dat Rogers sekere parallele sien tussen die eksistensialisme in die Europese psigiatrie en die filosofiese grondslag van die kliëntgesentreerde terapie. Plug *et al.* (1991:311) verklaar tereg dat Rogers die stigter is van die kliëntgesentreerde benadering in psigoterapie, terwyl Möller (1987:84) dit die selfteorie noem.

Möller (1987:133) verklaar dat Rogers die psigoanalitiese beskouing verwerp, met ander woorde, dat die mens deur onbewuste drange gemotiveer word, asook die behavioristiese standpunt dat gedrag 'n produk van kondisionering is. Verder sê Möller (1987:133) dat Rogers verklaar dat die mens voortdurend daarna streef om homself na groter rypheid en volwassenheid te verwesenlik; daarom is hy gerig op die toekoms en nie vasgevang deur sy verlede nie. Möller (1987:133) wys verder daarop dat Rogers die idiografiese benadering of metode volg in die studie van persoonlikheid.

Die verskillende benaminge kom maar min of meer op dieselfde benadering neer. Möller (1980:85) konstateer: "Rogers se totale teoretiese sisteem bestaan uit interafhanklike teorieë van persoonlikheid, psigoterapie, interpersoonlike verhoudings en volwassenheid of die 'volwaardig funksionerende menslike

persoonlikheid'." Voorts verklaar Möller (1980:85) dat dit feitlik onmoontlik is om Rogers se persoonlikheidsteorie en terapeutiese benadering van mekaar te skei.

Dit blyk dat Rogers (1951:481-483) ook in 'n mate 'n eklektiese benadering volg in die formulering van sy persoonlikheidsteorie, want hy skryf soos volg: "The process of theory-building in regard to personality has gone on space in recent years in psychology, and a number of contributions have enriched our thinking." Sy persoonlikheidsteorie is egter hoofsaaklik gebaseer op sy psigoterapeutiese ervaring. Hy stel dit ook dat hy sy teorie aanpas en wysig met nuwe gegewens wat hy versamel tydens sy kliniese werk met kliënte.

In sy bespreking van 'n persoonlikheidsteorie en gedrag, maak Rogers (1951:481-533) negentien stellings. Moore (1988:398) noem ook dié negentien, maar Bischof (1970:336-339) verklaar dat Rogers in 1951 negentien stellings geformuleer het en 'n verdere drie in 1959.

Die stellings wat Rogers (1951), volgens Bischof (1970:336-339) geformuleer het, is soos volg. (Vgl. ook Rogers, 1965:483-524, waarin hy die eerste neëntien bespreek):

- Elke individu leef in 'n voortdurend veranderde ervaringswerklikheid waarvan hy self die middelpunt is. Hy noem dit die fenomeenveld.
- Die organisme reageer op hierdie fenomeenveld, of soos Rogers dit ook noem, waarnemingsveld ("perceptual field") soos hy dit ervaar en waarneem. Hierdie waarnemingsveld is vir die individu 'n realiteit.
- Die organisme reageer as 'n georganiseerde geheel op hierdie fenomeenveld.
- Die organisme het een basiese neiging en strewe om te aktualiseer, in stand te hou, en om die organisme (individu) se ervarings te versterk.

- Gedrag is basies die doelgerigte poging van die individu om sy behoeftes, wat hy ervaar in die waargenome veld, te bevredig.
- Emosies vergesel en bevorder die doelgerigte gedrag. Die soort emosie word bepaal deur die soekende (onaangename) of vervullende (aangename) aard van die gedrag. Die intensiteit van die emosie hou verband met die belangrikheid van die gedrag vir die instandhouding en uitbouing van die individu.
- Die mees gunstige posisie om gedrag te verstaan, is die innerlike verwysingsraamwerk van die individu self.
- 'n Deel van die perseptuele veld raak mettertyd gedifferensieer om die selfstruktuur te vorm.
- As gevolg van die wisselwerking met die omgewing, en in die besonder as gevolg van evaluasie wat ontstaan deur interaksie met ander persone, word die selfstruktuur gevorm.
- Die waardes wat gepaard gaan met ervaring en wat deel vorm van die selfstruktuur, is in sommige gevalle waardes wat deur introjeksie plaasvind of oorgeneem is van ander persone, maar wat op 'n verwronge wyse asof dit direk ervaar is, waargeneem is.
- Soos ervarings in die lewe van die individu voorkom, word hulle gesimboliseer, waargeneem en in een of ander verhouding tot die self georganiseer óf geïgnoreer omdat daar geen verwantskap met die selfstruktuur waargeneem word nie óf simbolisering kan geweier of verdraai word omdat die ervaring nie in ooreenstemming met die selfstruktuur is nie.
- Die grootste gedeelte van die gedrag wat deur die organisme aangeneem word, is die wat in ooreenstemming met die konsep of begrip van die self is.

- Gedrag kan in sommige gevalle die gevolg wees van organiese ervaring en behoeftes wat nie gesimboliseer is nie. Sulke gedrag kan inkongruent met die selfstruktuur wees.
- Psigiese wanfunksionering bestaan wanneer die organisme belangrike sintuiglike en liggaamlike ervaring toegang tot die bewussyn weier; gevolglik word dit nie gesimboliseer en in die gestalte van die selfstruktuur geïntegreer nie. Indien so 'n situasie ontstaan, kan potensiële psigiese spanning die gevolg wees.
- Sielkundige aanpassing bestaan wanneer die begrip van die self sodanig is dat al die sensoriese en ingewandse ervarings van die organisme geassimileer is, (of mag wees,) "on a symbolic level" in 'n bestendige verwantskapsverhouding met die selfkonsep ("concept of self"). Innerlike spanning word verminder as die persoonlikheid 'n nuwe gevoel van homself het.
- Enige ervaring wat strydig is met die organisasie of struktuur van die self kan as 'n bedreiging waargeneem word, en hoe meer rigied word die selfstruktuur georganiseer om sigself in stand te hou.
- Onder sekere toestande waarin hoofsaaklik algehele afwesigheid van bedreiging teen die selfstruktuur afwesig is, kan ervarings wat teenstrydig daarmee is, waargeneem en ondersoek, en die struktuur van die self gewysig word om sulke ervarings te assimileer en in te sluit. Veranderinge in persoonlikheid vind plaas wanneer die persoonlikheid die nuwe faset van homself aanvaar.
- Wanneer die individu van al sy sintuiglike en "visceral experiences" bewus word en dit aanvaar as 'n niestygende en geïntegreerde sisteem, dan verstaan hy noodwendig ander persone en aanvaar ander as afsonderlike individue. Wanneer die persoonlikheid 'n bestendige selfkonsep kan ontwikkel, bevorder hy 'n goeie interpersoonlike verhouding met ander persone op 'n natuurlike wyse.

- In die mate wat 'n individu meer kan waarneem en aanvaar ten opsigte van sy selfkonsep, vind hy dat sy waardesisteem in die mate waarin dit op introjeksies en verdraaiings gebaseer is, voortdurend kan aanpas en integreer by die realiteit.

Die volgende drie addisionele stellings van Rogers, wat hy later geformuleer het, (1951) word deur Bischof (1970:339) bespreek:

- Hierdie stelling het betrekking op die persoon se begeerte na sosiale agting. By tye is die begeerte om korrek te wees en deur ander geprys te word, en agtenswaardig deur die samelewing behandel te word, in so 'n mate aanwesig dat dit die selforganisme se begeertes oortref.

- Rogers vind ook 'n uiters sterk begeerte na selfagting, parallel aan sosiale agting.

- As gevolg van die kragte, begeertes en eise van sosiale en selfagting, ontwikkel daar 'n houding van selfwaardigheid ("self-worthiness") wat die individu ondersteun teen die roesemoes ("hurly-burly") of probleme van die alledaagse lewe.

Meyer (1987:126-127) wys daarop dat Rogers tot die gevolgtrekking gekom het dat die mens se psigiese gesondheid bepaal word deur die kongruensie (mate van ooreenstemming) wat bestaan tussen sy aangebore potensiële aard en vermoëns, dit wil sê, sy totale ervaringsveld aan die een kant en sy siening van homself (selfkonsep) aan die ander kant. Dit beteken dat as daar 'n ooreenkoms bestaan tussen selfkonsep en die ware self (totale ervaringsveld) kan die persoon ten volle funksioneer.

Rogers (volgens Möller, 1980:88) verwys na die ideale self. In sy bespreking van Rogers sê Möller (1980) dat die self is 'n konstruk wat aandui hoedat 'n persoon homself sien en voel in terme waarvan hy homself en nuwe ervarings beoordeel. Verwant aan laasgenoemde is die begrip van die ideale self. Dit is die soort selfkonsep wat die persoon graag sal wil hê.

Volgens bevindinge deur Rogers (1961:108-124) is die onderliggende psigiese probleme by die mens aanwesig: "Wie is ek in werklikheid? Hoe kan ek met die reële self wat ten grondslag lê van al my oppervlakgedrag in aanraking kom? Hoe kan ek myself word?" Rogers verduidelik hoe hy te werk gaan om 'n kliënt te benader. Hy verklaar dat hy probeer om 'n verwantskapsverhouding te skep waarin die kliënt voel hy is veilig en vry. Hy sê sy doel daarmee is om te probeer verstaan hoe die kliënt voel in sy eie innerlike wêreld; om hom te aanvaar soos hy is; om 'n atmosfeer van vryheid waarin hy kan beweeg in sy denke en wese in enige rigting wat hy verlang te skep. Dit is van belang om te sien hoe die kliënt dié vryheid gebruik. Rogers sê dat dit sy ervaring is dat die kliënt die vryheid gebruik om homself te vind. Navorsers sien dit as die tegniek (volgens Rogers se tegniek van selfgesentreerde psigoterapie) waarvolgens hy die persoonlikheid probeer herstel. Verder verklaar Rogers dat hierdie proses van "becoming a person" nie alleen in die geval van terapie plaasvind nie. Die mens, naamlik die persoonlikheid, is voortdurend in 'n proses van wordings, en navorsers meen dat sodra daar stagnasie in hierdie proses van groei en ontwikkeling intree, psigiese probleme kan ontstaan.

2.3.5.1 Evaluerings van Rogers se teorie

Moore (1988:417) skryf dat Rogers besondere klem plaas op die selfkonsep deur te wys op die belangrike rol wat dit speel in persoonlikheidsfunksionering. Voorts verklaar hy dat Rogers die mens besonder vry sien; as iemand wat sy eie besluite neem. Maar dan stel hy die vraag of alle mense volgens Rogers se teorie waarlik so vry kan wees. Met laasgenoemde vraag van Moore (1988) stem skrywer saam.

Skrywer deel ook Du Toit (1986:182-185) se opvatting oor Rogers se bydrae tot die kennis en belangrikheid van die fenomeen self en sy psigoterapeutiese benadering, asook sy deeglike navorsingsmetodes. Hoewel Rogers se teorie onvolledig en beperk is, volgens Du Toit, het Rogers 'n goeie en positiewe bydrae gelewer om die mens beter te verstaan.

Möller (1987:158-160) wys daarop dat Rogers se teoretiese benadering in die eerste plek oor die psigoterapie gaan, wat vandag algemeen aanvaar word. Sy teorie oor persoonlikheid geniet nie dieselfde erkenning as die kliëntgesentreerde terapie nie. Nogtans is daar aspekte van sy persoonlikheidsteorie wat van groot waard is, veral sy teorie oor selfkonsep wat tot intensiewe navorsing aanleiding gegee het.

2.4 DIE EVALUERING VAN PERSOONLIKHEID

Volgens Van der Westhuÿzen (Möller, 1987:229-261) kan die vraag gestel word wat die waarde van teoretiese kennis veral van persoonlikheid is. Hy stel die vraag: "Hoe kan die sielkundige hierdie kennis van die menslike persoonlikheid in die alledaagse lewensituasie prakties toepas?" Dan verklaar hy dat dit goed is om in gedagte te hou dat bepaalde handeling in die praktyk sonder 'n deeglike teoretiese onderbou en dus begrip vir dit wat ter sake is, onverantwoordelik is. Teoretiese kennis ter wille van kennis is weer 'n akademiese oefening, maar dit is noodsaaklik omdat op dié wyse die nodige kennis geskep en gebou kan word.

Dan vervolg Van der Westhuÿzen deur te sê dat die praktiese toepassing van die persoonlikheidsielkunde juis geleë is in die taak om mense en hul funksionering beter te verstaan, en vind gevolglik neerslag in die metodes en proses van persoonlikheidsevaluering. Verder noem hy die verskillende soorte toetse waarvolgens persoonlikheidsevaluering toegepas word, soos kliniese en gedragsevaluering, verskillende persoonlikheidstoetse en -vraelyste.

Nunnally (1978:544-545) skryf oor die bestudering van die persoonlikheid en verklaar dat die algehele bestudering van die persoonlikheid het betrekking op twee belangrike benaderings, naamlik 1) hoe persone op enige tydstop is en 2) hoe hulle so geword het. Persoonlikheidsmeting is hoofsaaklik gemoeid met die eerste stelling. Die doel van die meting is om 'n beskrywing te gee van persone se persoonlikheidstrekke in verband met sake soos aanpassing, dominansie en ekstroversie. Die tweede stelling staan in verband met oorerwing en samehangende

eienskappe. Volgens Nunnally (1978:544-545) se navorsing moet die mens hom na een van die twee genoemde benaderings wend, naamlik genetiese meganismes of die leerteorie. Voorts verklaar hy dat ons tans aan die begin staan om met betrekking tot die moontlike genetiese meganismes betreffende menslike trekke of eienskappe te leer; hoewel ons aansienlik meer weet van die soort sosiale leer wat lei tot die ontwikkeling van persoonlikheidstrekke is daar nog veel om te leer en te ontdek (Nunnally, 1978:544-545).

In verband met die probleme by die bestudering van persoonlikheid verklaar Cronbach (1984:441) dat dit wat persone doen, afhang van die situasies waarin hulle hul bevind. Baie van die probleme in persoonlikheidsteorieë ontstaan as gevolg van die feit dat geen twee persone leef in identiese situasies nie en selfs enige persoon, wat in 'n tipiese situasie of omgewing bly, mag van maand tot maand wissel óf verander óf ook verander vanuit die huis óf in die kantoor. Verder verklaar Cronbach (1984:441) dat persoonlikheidstrekke soos dominansie/onderwerping bestaan nie in isolasie van die prikkels wat die gedrag veroorsaak nie.

HOOFSTUK 3

EKSPERIMENTELE ONDERSOEK

3.1 SELEKSIE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

'n Aantal eerstejaarspsigologiestudente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is gebruik vir hierdie ondersoek.

Die eerstejaarspsigologiestudente is versoek om almal tydens sekere periodes by hul klasse teenwoordig te wees. Die verantwoordelike psigologiedosent was die ondersoeker met die reëlins behulpsaam gewees. Die toetsing is egter deur die ondersoeker self waargeneem.

By hierdie toetssessies wat gedurende die eerste semester plaasgevind het, en waarby telkens 'n maksimum van 50 studente betrek is, is die studente verwelkom en meegedeel dat dit 'n toetssessie is met die oog op navorsing. Hulle heelhartige samewerking is gevra. Verder is dit aan hulle gestel dat eerlike antwoorde slegs tot hulle eie voordeel sal strek en dat net die ondersoeker die antwoorde sal nasien. Ondersoeker het ook aan hulle gesê dat hul antwoorde as baie streng vertroulik behandel sal word en dat hul name anoniem sal bly.

Navorser het aanvanklik 199 studente getoets maar kon slegs 71 ($N = 71$) se gegewens (31 introverte en 40 ekstroverte) gebruik, omdat 109 studente ambiverte was, terwyl 19 studente se gegewens onvolledig was.

Die volgende formule is gebruik om die steekproef te verdeel in introverte (stiene 1, 2, 3 en 4) en ekstroverte (stiene 7, 8, 9 en 10) van die 16-PF:

$$\begin{aligned}\text{Introversie/ekstroversie} &= \frac{(A+) + (F+) + (H+) + (Q_2-)}{4} \\ &= \frac{\text{Stien A} + \text{Stien F} + \text{Stien H} + (11 - \text{Stien } Q_2)}{4}\end{aligned}$$

(Madge, E.M. 1982: Mededeling per brief. Pretoria:RGN).

Daar kan gekonstateer word dat die steekproef redelik verteenwoordigend is van eerstejaaruniversiteitstudente van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, want hulle het verskillende studierigtings gevolg, en is afkomstig uit 'n uitgestrekte geografiese gebied, asook van verskillende sosio-ekonomiese lae van die bevolking.

Die steekproef ($N = 71$) wat uiteindelik vir die huidige ondersoek gebruik is, het bestaan uit 18 manlike en 53 vroulike studente (van dié was 28 dames en 12 mans ekstroverte, terwyl 25 dames en 6 mans introverte was). Die gemiddelde ouderdom van die persone in die steekproef is 18,80 jaar, dit wil sê, laat adolessente.

3.2 MEETINSTRUMENTE

Die Suid-Afrikaanse verwerking van die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF), vorm A, van Cattell *et al.* (1970), die PHSF-verhoudingevraelys van Fouché en Grobbelaar (1987) en die Adolessenteselfkonsepskaal van Vrey (s.j.) is gebruik.

3.2.1 Die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys

Hierdie vraelys is deur Cattell ontwerp met die doel om verskillende persoonlikheidstrekke te identifiseer (Cattell, *et al.*, 1970).

3.2.1.1 Faktore van die 16-PF

Vir die doeleindes van hierdie bespreking sal daar kortliks gelet word op die uiteensetting en rasionaal van die faktore wat gemeet word deur die 16-PF. Die gegewens is geneem uit Maas (1975:23-24) en RGN (1983:15-22).

Lae telling

Sisotimie (-A)

(Sizothymia)

Terughoudend, afsydig
krities, onbuigsaam,
stroef.

Lae intelligensie (-B)

(Low Intelligence)

Lae gekristalliseerde
intelligensie, kragtelling.
Dom.

Laer egosterkte (-C)

(Lower ego strength)

Deur gevoelens beïnvloed,
emosioneel minder stabiel,
maklik ontsteld, veranderlik.

Onderdanigheid (-E)

(Submissiveness)

Gehoorsaam, toegeeflik,
maklik beïnvloedbaar,
volgsaam, insiklik.

Hoë telling

Affektotimie (+ A)

(Affectothymia)

Goedhartig, na-buite-lewend,
sorgloos, deelnemend.

Hoë intelligensie (+ B)

(High Intelligence)

Hoë gekristalliseerde intelligensie,
kragtelling.
Slim.

Hoër egosterkte (+ C)

(Higher ego strength)

Emosioneel stabiel, volwasse,
kyk die werklikheid
vierkantig in die oë, kalm.

Dominasie (+ E)

(Dominance)

Selfgeldend, aggressief
mededingend, onversetlik.

Soberheid (-F)

(Desergency)

Sober, swygsaam, ernstig.

Sorgvryheid (+ F)

(Surgency)

Onverskillig, lughartig,
entoesiasties.

Laer superegosterkte (-G)

(Weaker superego strength)

Verontagsaam reëls, opportunisties.

Hoër superegosterkte (+ G)

(Stronger superego strength)

Pligsgetrou, volhardend,
moralisties, stammig.

Skugterheid (-H)

(Threctia)

Skaam, bedees, sensitief
vir dreigemente.

Sosiale vrypostigheid (+ H)

(Parmia)

Waaghalsig, ongebonde,
sosiaal vrymoedig.

Ontoegeefflikheid (-I)

(Harria)

Onversetlik, selfstandig,
realisties.

Emosionele gevoeligheid (+ I)

(Premsia)

Teerhartig, liggeraak,
afhanklik, oorbeskermend.

Gevoel van geborgenheid (-L)

(Alaxia)

Agterdogtigheid (+ L)

(Protension)

Vertrouend, aanvaar
omstandighede.

Wantrouig, moeilik
om te bedrieg, jaloers.

Prakties (-M)
(Praxeinia)

Onkonvensioneel (+M)
(Autia)

Doelmatig, prakties,
met albei voete op die
aarde.

Verbeeldingryk, boheems,
verstrooid.

Naiwiteit (-N)
(Artlessness)

Skerpsinnigheid (+N)
(Shrewdness)

Reguit, sonder pretensies,
opreg maar sosiaal lomp.

Geslepe, wêreldwys,
skerpsinnig, sosiaal bewus.

**Onverstoorbare selfversekerdheid
(-O)**
(Untroubled adequacy)

**Geneigdheid tot skuldgevoelens
(+O)**
(Guilt proneness)

Selfversekerd, bedaard, gerus,
selfvoldaan, rustig.

Bevrees, vol selfverwyt,
onveilig, vol kwellings, ongerus.

Dit het geblyk dat daar vier bipolêre faktore is wat uniek aan die vraelysmetode is (Cattell 1950:114), naamlik Q₁ tot Q₄. Maas (1975:24) bespreek dié faktore soos volg:

Konservatisme (-Q₁)
(Conservatism of temperament)

Radikalisme (+Q₁)
(Radicalism)

Konserwatief, respekteer
gevestigde idees.

Ondersoekend, liberaal,
vrydenkend, analities.

Groepafhanklikheid (-Q₂)
(Group adherence)

Selfgenoegsaamheid (+ Q₂)
(Self-sufficiency)

Sosiaal groepgebonde,
'n aanhanger en goeie
volgeling.

Selfgenoegsaam, vindingryk,
gee voorkeur aan eie
besluite.

**Gebrekkige selfsentiment-
integrasië (-Q₃)**
(Low self-sentiment integration)

Sterk selfsentiment (+ Q₃)
(High strength self-sentiment)

Onbeheersd, laks, volg
eie drange, verontagsaam
sosiale etiket.

Selfbeheersd, streng
wilsrag, sosiaal korrek,
goeie selfbeeld.

Lae erg gespannendheid (-Q₄)
(Low ergic tension)

Hoë erg gespannendheid (+ Q₄)
(High ergic tension)

Ontspanne, rustig, traag,
ongefrustreerd, kalm.

Gespanne, gefrustreerd,
gejaagd, oorspanne.

Soos reeds genoem, is vorm A van die 16-PF van Cattell (wat aangepas is vir gebruik in die Republiek van Suid-Afrika deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Madge, E.M. & Du Toit, R., 1966, herdruk 1974) vir die huidige ondersoek gebruik.

Die 16-PF kan, volgens Van der Westhuyzen (1987:254), as 'n gestruktureerde vraelys beskou word aangesien daar slegs drie moontlike response by elke item is waaruit gekies moet word. Die toetsling het egter 'n keusevryheid - daar is slegs enkele redeneeritems, dit wil sê, response wat korrek beantwoord moet word.

3.2.1.2 Betroubaarheid en geldigheid

Maas (1975:45) wys daarop dat Cattell *et al.* (1970:30-31) twee stelling toets-her-toetsbetroubaarheidskoëffisiënte rapporteer vir die 16-PF, naamlik eerstens die wat na 'n kort tydsverloop van 4 tot 7 dae bereken is, sodat daar nie genoeg tyd verstryk het waarin die persoon self kon verander het nie. Hierdie koëffisiënte wissel tussen 0,58 vir faktor B en 0,83 vir faktor H. Tweedens rapporteer Cattell *et al.* (1970:31) stabiliteitskoëffisiënte (vgl. ook Plug *et al.* 1991:346) na 'n tydsverloop van omtrent 2 maande, waar genoemde koëffisiënte wissel tussen 0,43 vir faktor B en 0,85 vir faktor I.

Wat geldigheid betref, verwys Maas (1975:45) na Cattell *et al.* (1970) se siening daarvan. Wat Cattell *et al.* (1970:34) "direct concept validity" noem, vertaal Maas met "direkte operasionele geldigheid". Cattell *et al.* (1970:34) se definisie daarvan lui soos volg: "... how well a scale agrees with (correlates with) the concept ('construct') found in the source trait which it sets out to measure". Voorts verklaar Maas (1975:44) dat Cattell daarop wys dat direkte operasionele geldigheid alleen bepaal kan word deur tellings in die betrokke skaal met die suiwer faktor wat die skaal veronderstel is om te meet, te korreleer en dat faktoranalise derhalwe die aangewese metode is om operasionele geldigheid te bepaal.

Maas (1975:45) verklaar verder dat Cattell daarop wys dat dit belangrik is om 'n onderskeid te maak tussen faktorsuiwerheid en -geldigheid - faktorsuiwerheid hang nie net af van die korrelasie nie, maar ook van die mate waarin faktor x vry van kontaminasie met ander welbekende en belangrike faktore is. "Faktorsuiwerheid en

faktorgeldigheid kan alleen deur deeglike en omvangryke faktoranalise bepaal word." (Maas, 1975:45.)

Volgens Cattell *et al.* (1970:36, tabel 5.5) en ook soos dit deur Maas (1975:46) aangehaal is, wissel die direkte operasionele geldigheidskoëffisiënte (korrelasies met suiwer faktore) tussen 0,41 vir faktor N en 0,92 vir faktor H.

3.2.1.3 Motivering vir die insluiting van die 16-PF

Die doel van hierdie toets is om die persoonlikheidstrekke van die proefpersone te bepaal en te identifiseer, asook om hulle volgens voorgenoemde formule (Madge, 1982) in introverte en ekstroverte te klassifiseer en in te deel.

3.2.2 Persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudingevraelys (PHSF)

Die doel van hierdie vraelys is, soos die opstellers dit stel, om deur middel van die elf komponente, die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes te meet, om daardeur die graad of mate van aanpassing van die voorgenoemde groepe te bepaal (Fouché & Grobbelaar, 1987:4).

Die PHSF is 'n hersiene vraelys van die aanpassingsvraelys (NBAV) van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) wat oorspronklik in 1951 vrygestel is. Navorsing met die NBAV, wat as siftingsmiddel vir persoonlike en sosiale aanpassing gebruik is, het getoon dat dit hersien moet word ten einde dit 'n meer bruikbare meetinstrument te maak. Aan die einde van 1967 is toe 'n begin gemaak met die hersiening daarvan, en toe is die PHSF as nuwe vraelys opgestel (Fouché & Grobbelaar, 1987:4).

Die voorlopige vorm van die PHSF was in Augustus 1968 gereed vir eksperimentele gebruik en is in Augustus 1969 vir normberekening toegepas (Fouché & Grobbelaar, 1987:4).

3.2.2.1 Komponente van die PHSF

Vervolgens word die komponente van die PHSF-verhoudingevraelys bespreek. Die elf komponente word onder vier primêre aanpassingsvelde verdeel en 'n gewensheidskaal word ook ingesluit. Die gegewens kom uit Fouché en Grobbelaar (1987:6-8).

Persoonlike verhoudinge (P)

Dit is intrapersoonlike verhoudinge wat tydens aanpassing van primêre belang is, en wat bestaan uit 5 skale.

Selfvertroue: Dit behels die mate waarin 'n individu vertroue in homself het - in sy werklike of veronderstelde vermoë om suksesvol te wees.

Eiewaarde: 'n Persoon se innerlike waardeskatting wat berus op sy evaluering en aanvaarding van sy bestaande of vermeende vermoëns, persoonlikheidseienskappe en gebreke.

Selfbeheer: Die mate waarvolgens die individu daarin slaag om sy drange en emosies volgens sy beginsels en oordeel te beheer en te kanaliseer.

Senuweeagtigheid: Wanneer 'n persoon 'n hoë telling op hierdie komponent behaal, toon dit 'n afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid soos wanneer 'n mens dit vind by senuagtige persone wat angstige, doellose en herhalende gedrag openbaar.

Gesondheid: 'n Hoë telling by 'n persoon op hierdie komponent toon 'n afwesigheid van behepthheid met fisiese toestande.

Huislike verhoudinge (H)

Dit behels daardie verhoudinge binne die huisgesin wat deur die persoon as afhanklike aanvaar word en dit bestaan uit twee velde.

Gesinsinvloede: Dit is die mate waarin 'n persoon as afhanklike in 'n gesin beïnvloed word deur faktore soos sy posisie in die gesin, soos oudste, middelste en jongste, asook die gesinsamehorigheid en verhouding tussen die ouers en sosio-ekonomiese toestande.

Persoonlike vryheid: Dit is die mate waarin die persoon voel dat hy nie deur sy ouers ingeperk is nie.

Sosiale verhoudinge (S)

Dit is daardie verhoudinge waardeur die individu op harmonieuse en informele wyse by die sosiale omgewing inskakel en dit bestaan uit drie velde.

Sosialiteit (G): Dit bestaan daarin dat 'n persoon 'n behoefte het en spontaan deelneem aan sosiale groepsverkeer (ekstroverte) teenoor die mate waarin 'n persoon 'n afkeer het van sosiale groepsverkeer (introvert).

Sosialiteit (S): Dit hou verband met die behoefte wat 'n persoon het om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer.

Morele inslag: Dit is die mate waarin 'n persoon voel dat sy gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing.

Formele verhoudinge (F)

Dit is daardie verhoudinge wat in formele situasies, byvoorbeeld in die skool, kollege, universiteit of beroep voorkom. Dit bestaan uit een skaal.

Formele verhoudinge: Dit gaan hier oor verhoudinge met medeleerlinge, studente en meerderes in die onderrigleersituasie of gesagsfigure en meerderes in die werksituasie, asook of die persoon suksesvol in die onderrigleer- en/of werksituasie is.

Gewensdheidskaal

Dit is 'n geldigheidskaal wat 'n aanduiding is van die eerlikheid waarmee 'n persoon die vraelys beantwoord. Die vrae is ook van so 'n aard dat slegs in uitsonderlike gevalle persone met reg gunstige antwoorde daarop kan gee.

Die PHSF bestaan uit honderd-en-tagtig vrae en die persoon beantwoord die vrae op 'n spesiale antwoordblad. Hy dui op 'n vierpuntskaal aan hoe dikwels hy sekere verhoudinge of situasies ervaar, byvoorbeeld A: amper altyd/altyd, D: dikwels, C: soms, N: byna nooit/nooit.

3.2.2.2 Betroubaarheid en geldigheid

Die betroubaarheid en standaardmetingsfout word in die handleiding vir die PHSF-verhoudingevraelys vir standerds 8, 9 en 10 gegee . Vir die doel van hierdie ondersoek word die betroubaarheid vir st. 10 aangehaal, en wel vir seuns en meisies afsonderlik (Fouché & Grobbelaar, 1987:22).

Dit word ongelukkig nie vir eerstejaars of vir laat adolessente deur Fouché en Grobbelaar in die betrokke handleiding gegee nie. Daar behoort egter nie 'n groot verskil te wees nie, want die steekproef vir normberekening van die PHSF-verhoudingevraelys vir die standerd 10-leerlinge (seuns en meisies) se gemiddelde ouderdom was 17,3 jaar (Fouché & Grobbelaar, 1987:10), terwyl die gemiddelde ouderdom van die steekproef vir die onderhawige navorsing 18,8 jaar is.

Die betroubaarheidskoëffisiënt van die PHSF-verhoudingevraelys vir st. 10-seuns wissel van 0,71 tot 0,91 en vir st. 10-meisies wissel dit van 0,70 tot 0,89 (Fouché & Grobbelaar, 1987:22).

Uit 'n ondersoek wat met die voorlopige vorm van die PHSF gedoen is, het dit geblyk dat die PHSF-verhoudingevraelys 'n hoë mate van konstrugeldigheid toon. Uit voorlopige faktorontledings op die PHSF en die NBAV het dit geblyk dat die PHSF 'n hoë mate van konsepgeldigheid (vgl. Plug *et al.* 1991:185) toon (Fouché & Grobbelaar, 1987:28.)

3.2.2.3 Motivering vir die insluiting van die PHSF

Die doel vir die insluiting van hierdie vraelys is omdat dit behalwe die aanpassingsvermoë van die individu, ook aspekte van die persoon se gedragsuitinge, onder andere introversie en ekstroversie, eiewaarde en selfvertroue, wat belangrike dimensies van die selfkonsep en persoonlikheid insluit, meet.

3.2.3 Adollesenteselfkonsepskaal (ASKS)

Hierdie skaal is deur Vrey (s.j.) ontwerp om dit vir die bepaling van die selfkonsep (selfbeeld) van 'n persoon te gebruik, dit wil sê, of hy 'n positiewe of negatiewe selfkonsep het. Dit is gebaseer op die "Tennessee self concept scale" (TSCS) van Fitts (1965). Dit is egter 'n Suid-Afrikaanse verwerking en aanpassing van die "Tennessee self concept scale".

3.2.3.1 Items van die ASKS

Die selfkonseptoets bestaan uit ses dimensies, oftewel ses subtoetse. Dimensies A, B, C, D en E bestaan elke uit drie onderdele, oftewel subtoetse, terwyl F slegs uit een onderdeel met tien items bestaan (Vrey, s.j.:4-8).

Dimensie I: Verhoudinge met persoonlike liggaamlike gesteldheid - fisieke self

Identiteit

In hierdie subdimensie word die persoon se identiteit gemeet. Indien hy hom identifiseer met iemand wat blakend gesond, aantreklik en netjies is, beteken dit dat hy 'n positiewe selfkonsep het. Indien nie, het hy 'n negatiewe selfkonsep.

Aanvaarding

Hierdie subdimensie meet die mate van tevredenheid en aanvaarding van die persoon met sy massa (gewig), voorkoms en lengte, liggaamsdele, gesondheidstoestand, asook aantreklikheid vir die teenoorgestelde geslag.

Gedrag

Hierdie subdimensie meet die persoon se optrede, met ander woorde, hoe hy optree teenoor ander en ook sy algemene gedrag. Dit geld ook sy liggaamsversorging. As hy bekommerd, senuagtig en lomp in sy handeling of gedrag is, dui dit op 'n lae selfagting - die teenoorgestelde dui op 'n hoë selfagting, met ander woorde, 'n positiewe selfkonsep.

Dimensie II: Verhoudinge met sy psigiese gesteldheid - persoonlike self

Identiteit

Hierdie subdimensie meet die persoon se beskouing van homself, naamlik of hy homself as doeltreffend beskou, sy mate van opgeruimdheid, kalmte en bedaardheid, asook selfbeheersdheid en of hy hom as die gelyke van ander persone beskou.

Aanvaarding

Hierdie subdimensie meet ook hoe hy homself sien of beskou. Indien hy hom beskou as 'n persoon wat aanvaar word deur sy gesin en familieleden en dat hulle hom liefhet bewerkstellig dit 'n positiewe selfkonsep, indien nie, het hy 'n negatiewe selfkonsep.

Gedrag

Hierdie subdimensie meet die persoon se optrede, met ander woorde, beskou hy homself as iemand met hoë selfagting wat sy selfbeeld in stand hou. Deur antwoorde op hierdie subdimensie te gee, toon hy of hy tevrede is met sy prestasies; hy homself kan handhaaf; hy vasstaan by sy oortuigings; hy gedurig besluitloos voortstroom of vinnig 'n besluit kan neem.

Dimensie III: Verhoudinge met sy gesin - gesin self

Identiteit

Met hierdie subdimensie word bepaal hoe positief die persoon sy selfkonsep beskou. Indien hy 'n positiewe selfkonsep het, sal hy daarvan seker wees dat sy verhoudinge met sy gesin en familieleden goed is; dit dui daarop dat hy deur hulle as persoon aanvaar word. Hy beskou homself as 'n waardige persoon in sy gesin en familie.

Aanvaarding

Deur die subdimensie van aanvaarding toon die persoon sy verhoudinge met sy gesin en familieleden, met ander woorde, sy gevoel en die mate van trots op laasgenoemde word hier gemeet. Indien hy aantoon dat hy uitsien na familiebyeenkomste, hy hulle en hulle hom aanvaar en ook dat daar weinig misverstand tussen hulle ontstaan, dui dit op 'n goeie selfbeeld.

Gedrag

Hierdie subdimensie meet die verhoudinge tussen die persoon wat getoets word, en sy gedrag teenoor ander persone. Indien die persoon gesonde verhoudinge handhaaf, het hy 'n positiewe selfkonsep. Dit meet ook verder in welke mate hy ervaar dat sy gesin en familie aanvaar wat hy doen sonder dat ernstige kritiek teen hom gelever word.

Dimensie IV: Verhoudinge met ander in die sosiale gemeenskap - die sosiale self

Identiteit

In hierdie subdimensie, waar die verhoudinge van die gesin en familie uitkring na die sosiale gemeenskap, word die persoon se verhouding met laasgenoemde gemeet. Sy identiteit, wat betref sy vriendelikheid teenoor sy maats van dieselfde en teenoorgestelde geslag word bepaal, asook of hy maklik vriende maak - dus baie en goeie vriende het.

Aanvaarding

Hier word bepaal of die persoon, byvoorbeeld sy verhoudinge van identiteit, soos hoflikheid en geselligheid in geselskap met ander beskou as aanvaarbaar vir ander persone in die sosiale gemeenskap. 'n Persoon met 'n positiewe selfkonsep is populêr en hulpvaardig.

Gedrag

Hierdie subdimensie meet die volgende: maak die persoon maklik vriende, kom hy goed oor die weg met ander en knoop hy ook maklik gesprekke met ander aan. 'n Persoon met 'n positiewe selfkonsep vergewe ander maklik en sien die goeie eienskappe in hulle raak.

Dimensie V: Gesindheid teenoor sedelike en godsdienstige waardes - waarde self (eie waardeskatting)

Identiteit

Hierdie subdimensie meet die mate van die persoon se vermoë om hom op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes te identifiseer. Verder ook die mate van eerlikheid en godsdienstigheid, sy liefde vir ander mense word ook bepaal.

Aanvaarding

Dié subdimensie van hierdie toets meet sy beskouing van die volgende eienskappe wat hy dink hy besit en deur hom aanvaar word: eerlikheid, goedheid, getrouheid en sin vir die waarheid. Verder meet dit ook die mate waarin hy verantwoordelikheid aanvaar vir ander mense wat hulp nodig het.

Gedrag

Volgens hierdie subdimensie word die volgende eienskappe van die persoon gemeet: doen hy wat hy weet wat reg is of beroep hy hom op twyfelagtige metodes, sodat hy hom nie bekommer oor ander se verwagtings van hom nie. 'n Persoon met 'n positiewe selfkonsep verander sy gedrag as hy oortuig word dat hy verkeerd is. Hy bestraf mense wat morele en religieuse wette oortree.

Dimensie VI: Selfkritiek

Die aspekte wat deur hierdie subdimensie gemeet word, is in hoe 'n mate die persoon hom skuldig maak aan sekere oortredings, soos kwaad word, geïrriteerdheid, skinder, lelike dinge dink, frustrasie, deelname aan 'n wedstryd slegs om te wen, uitstel van werk, dubbelsinnige grappe vertel, hou nie van alle mense nie, asook oortreding van wette, byvoorbeeld om wederregtelik oor 'n stopstraat te ry. Hier word veronderstel dat 'n persoon met 'n nugtere positiewe

selfkonsep krities teenoor homself sal staan oor voorafgenoemde aspekte en dienooreenkomstig sal reageer.

3.2.3.2 Betroubaarheid en geldigheid

Identiese items van die Fitts-skaal (1965) is in die Vrey-skaal (s.j.) gebruik. Slegs die itemformaat is verander en die items is in Afrikaans vertaal. Wat inhoudsgeldigheid betref, kan verwag word dat Vrey (1974) se skaal moontlik net so geldig sal wees as dié van Fitts (1965:17, 20-24). Vrey het egter nog nie self die geldigheid van die ASKS bepaal nie. Voorts verklaar hy dat vir die bepaling van die konstruktugeldigheid van die selfkonsepttoets kon die tellings nog nie gekorreleer word met 'n ander selfkonsepttoets nie, omdat daar nie 'n sodanige toets bestaan nie (Vrey, 1974:14).

Vrey (s.j.) het 'n item- en faktorontleding op die skaal uitgevoer en sy eie norme uitgewerk. Hy het hierdie selfkonsepinventaris op Afrikaanssprekende eerstejaaronderwysstudente vir sy doktrale proefskrif toegepas. Hy verklaar dan ook dat hierdie nuutontwerpte selfkonsepttoets se betroubaarheidskoëffisiënt, wat hy met behulp van die Kuder-Richardson-formule 20 bereken het, 0,87 is.

Fitts (1965:17) het 'n statistiese analise gedoen waarin 'n groot groep ($N = 369$) psigiatriese pasiënte met 'n groep persone wat nie-pasiënte is, vergelyk is. Laasgenoemde ontleding het hoogs betekenisvolle verskille (hoofsaaklik op die 0,01 vlak) getoon tussen die pasiënte en nie-pasiënte vir bykans elke telling op hierdie skaal (JSCS).

Fitts (1965:17-19) het ook gegewens van die ander uiterste van die psigologiese gesondheidskontinuum ("health continuum") versamel, naamlik 'n groep persone ($N = 75$) wat 'n hoë mate van persoonlikheidsintegrasie het. Hy het gehipotetiseer dat dié groep se tellings op die skaal (JSCS) beduidend beter behoort te wees as dié van

die normgroep. Hy verklaar dat laasgenoemde hipotese bevestig word vir feitlik alle tellings (Fitts, 1965:19).

Fitts (1965:17-30) se bevinding is dat die "Tennessee self concept scale" 'n baie hoë mate van geldigheid het, en soos reeds genoem, kan verwag word dat Vrey (s.j.) se ASKS moontlik net so 'n mate van geldigheid as dié van Fitts (1965) het.

3.2.3.3 Motivering vir die insluiting van die (ASKS)

Die doel vir die insluiting van die Adollesenteselfkonsepskaal (ASKS) is om te bepaal watter proefpersone 'n positiewe (hoë) en watter 'n negatiewe (lae) selfkonsep het, met ander woorde, om hulle in twee groepe te verdeel en dan statisties te vergelyk met die introverte en ekstroverte om vas te stel watter van die twee groepe 'n positiewe selfkonsep en watter 'n negatiewe selfkonsep het.

3.3 STATISTIESE VERWERKING

3.3.1 Hipoteses

Die volgende hipoteses is tweekantig vir die onderhawige navorsing geformuleer: (μ_1 = gemiddelde ekstroversiewe groep; μ_2 = gemiddelde introversiewe groep).

Nulhipotese 1

Daar sal nie 'n statisties beduidende verskil wees in die gemiddelde van die ekstroversiewe vergeleke met die introversiewe groep, ten opsigte van die onderskeie faktore van die 16-PF nie. In statistiese terme dus: $H_0 : \mu_1 = \mu_2$.

Alternatiewe hipotese 1

Daar sal 'n statisties beduidende verskil wees in die gemiddelde van die ekstroversiewe vergeleke met die introversiewe groep, ten opsigte van die onderskeie faktore van die 16-PF. In statistiese terme dus: $H_1 : \mu_1 \neq \mu_2$.

Nulhipotese 2

Daar sal nie 'n statisties beduidende verskil wees in die gemiddelde van die ekstroversiewe vergeleke met die introversiewe groep, ten opsigte van die onderskeie komponente van die PHSF nie. In statistiese terme dus: $H_0 : \mu_1 = \mu_2$.

Alternatiewe hipotese 2

Daar sal 'n statisties beduidende verskil wees in die gemiddelde van die ekstroversiewe vergeleke met die introversiewe groep, ten opsigte van die onderskeie komponente van die PHSF. In statistiese terme dus: $H_1 : \mu_1 \neq \mu_2$.

Nulhipotese 3

Daar sal nie 'n statisties beduidende verskil wees in die gemiddelde van die ekstroversiewe vergeleke met die introversiewe groep, ten opsigte van die selfkonsep (totaaltelling) soos gemeet met die ASKS nie. In statistiese terme dus: $H_0 : \mu_1 = \mu_2$.

Alternatiewe hipotese 3

Daar sal 'n statistiese beduidende verskil wees in die gemiddelde van die ekstroversiewe vergeleke met die introvertiewe groep, ten opsigte van die selfkonsep (totaaltelling) soos gemeet met die ASKS. In statistiese terme dus: $H_1 : \mu_1 \neq \mu_2$.

Nulhipotese 4

Die gemiddeldes van die ekstroversiewe sal nie verskil van die gemiddeldes van die introversiewe groep, ten opsigte van die ses dimensies van die selfkonsep soos gemeet met die ASKS nie. In statistiese terme dus: $H_0 : \mu_1 = \mu_2$.

Alternatiewe hipotese 4

Die gemiddeldes van die ekstroversiewe sal verskil van die gemiddeldes van die introversiewe groep, ten opsigte van die onderskeie tellings van die dimensies van die selfkonsep soos gemeet met die ASKS. In statistiese terme dus: $H_1 : \mu_1 \neq \mu_2$.

3.3.2 Statistiese tegnieke

In die statistiese ontleding van die data is daar van die t-toets vir twee onafhanklike groepe gebruik gemaak (Ferguson, 1981:181-182; Howell, 1987:174-183). Daar is deurgaans van tweekantige hipoteses gebruik gemaak. Homogeniteit van die variansies is getoets aan die hand van variansieverhouding van Levene (die program wat gebruik is om Hotelling se T^2 -toets te doen, is die BNMDP3D van Dixon, 1983).

Die data is deur die Departement Statistiese Konsultasiediens, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerk.

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN DIE RESULTATE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate, soos verkry deur die 16-PF, PHSF en die ASKS vervolgens aangetoon. Indien moontlik sal daar telkens by elke meetinstrument aangetoon word hoe die gegewens vergelyk met vorige navorsingsresultate. Die resultate van die onderskei meetinstrumente sal ook met mekaar vergelyk word.

4.2 RESULTATE VAN DIE 16-PF

Tabel 4.1: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die 16-PF

Veranderlike faktore 16-PF	Introverte $\bar{x}$ sa		Ekstroverte $\bar{x}$ sa		t- waarde	p- waarde
A	3,9032	1,5568	8,0250	1,6562	-10,67	0,00**
B	4,8064	1,4926	5,1250	1,7714	-0,80	0,42
C	4,6774	2,1508	5,3750	1,6593	-1,54	0,13
E	4,7419	2,0161	6,4500	2,0121	-3,54	0,00**
F	3,7419	3,6965	6,8250	1,6469	-4,71	0,00**
G	5,9032	2,3431	6,2750	2,2869	-0,67	0,50
H	3,2258	1,4074	7,8500	1,4420	-13,54	0,00**
I	6,0968	2,0873	5,8500	1,6572	0,56	0,58
L	6,3548	1,3051	6,2250	1,5931	0,37	0,71
M	6,6452	2,0256	5,5250	2,3857	2,09	0,04*
N	4,7419	1,8252	5,0250	2,1896	-0,58	0,56
O	6,0645	2,1438	6,0750	2,1767	-0,02	0,98
Q1	5,1935	2,1043	4,2000	1,8003	2,14	0,04*
Q2	7,3871	1,2564	3,1750	1,3754	13,29	0,00**
Q3	5,9032	1,8682	5,6500	2,1189	0,53	0,60
Q4	5,7419	1,9658	5,0750	2,2001	1,33	0,19

$$gv = 40 + 31 - 2 = 69$$

* $p < 0,05$

** $p < 0,01$

*. did not refer to table to find info from

Daar is bevind dat sewe faktore van die 16-PF statisties beduidende verskille toon tussen die gemiddeldes van die introverte en ekstroverte. Die sewe faktore is die volgende: (A), (E), (F), (H), (M), (Q₁) en (Q₂).

By die eerste vier bogenoemde faktore is die gemiddelde van die ekstroversiewe groep statisties beduidend hoër as dié van die introversiewe groep, en by die laaste drie is die introversiewe groep se gemiddelde statisties beduidend hoër as dié van die ekstroversiewe groep. Vier van die faktore, naamlik (A+), (F+), (H+) en (-Q₂) is juis faktore wat gebruik word in die formule om ekstroversie/introversie te bepaal en die verskille is dus te wagte.

4.2.1 Bespreking van die 16-PF se faktore wat statisties beduidende verskille toon

Faktor A+ : Hartlikheid

By hierdie faktor is die gemiddelde van die ekstroverte statisties beduidend hoër as dié van die introverte. Dit blyk dus dat die ekstroverte meer na-buite-lewend, goedgehartig, sorgloos en deelnemend is as die introverte. (Vgl. 3.2.1.1:48; Maas, 1975:47.)

Kirkcaldy en Furnham (1991:743) verwys na deelname van ekstroverte/introverte, en hul keuse van ontspanningsaktiwiteite, en verklaar dat ekstroverte energiek en aktief is en verkies om deel te neem aan partytjies en ander sosiale byeenkomste.

De Man en Efraim (1988:267) verklaar dat die studente wat ekstroverte is meer in sosiale aktiwiteite betrokke raak, wat dan ook 'n bevestiging is van die bevinding in hierdie betrokke faktor.

Plug *et al.* (1991:85) se aanname is dan ook dat ekstroverte 'n persoonlikheidstipe is wat gekenmerk word deur 'n sterk behoefte aan emosionele kontak met die

omgewing - hulle is gewoonlik gesellig en sosiaal. Weer eens is dit 'n bevestiging van dit wat in hierdie ondersoek van faktor A+ vir ekstroverte verwag is.

Die ekstroverte besit, soos Statt (1990:50) Jung se definisie interpreteer, 'n basiese persoonlikheidsdimensie van oopheid ("openness"), 'n uitwaartse beweging en 'n soeke na geselligheid.

Faktor E+ : Dominansie

By hierdie faktor is die gemiddelde van die groep ekstroverte statisties beduidend hoër as die van die groep introverte. Dit blyk dus dat die ekstroverte meer selfgeldend, aggressief, mededingend en onversetlik is. (Vgl. 3.2.1.1:48.)

Aanvanklik het Cattell *et al.* (1970:116-117) faktor E+ ook as een van die faktore vir introversie-ekstroversie beskou, maar volgens Madge (1982) en RGN (1983:30) het Cattell (1973:116) dit later nie meer as 'n faktor vir introversie-ekstroversie gereken nie.

Plug *et al.* (1991:70) definieer dominansie as "'n neiging om uit te styg, veral in interpersoonlike verhoudings, en om ander te beheer"; Plug *et al.* (1991:202) verklaar dat leierskap die uitoefening is van gesag oor ander om hulle te rig, met ander woorde, om ander persone te lei en te beheer. Laasgenoemde kan dus gesien word as eienskappe van ekstroversie. (Vgl. Plug *et al.* (1991:85.)

Hildebrand (1977:71) verklaar dat leierskap gesien kan word as 'n sosiale rol wat deur 'n spesifieke individu vertolk word. Verder wys hy daarop dat dit gevolglik belangrik is om te let op navorsing wat die klem laat val op die wyse waarop die selfkonsep in 'n leierskapsituasie gemanifesteer word. Ook verklaar Hildebrand (1977:71) dat gepaard daarmee is kongruensie tussen verskeie faktore van die selfkonsep, byvoorbeeld ideale self en waargenome self van belang vir leierskapsgedrag.

Faktor F+ : Sorgvryheid

In die geval van hierdie faktor is die gemiddelde van die groep ekstroverte statisties beduidend hoër as dié van die groep introverte. Die ekstroverte is dus onverskilliger, lughartiger en meer entoesiasies as die introverte. (Maas, 1975:23; vgl. ook 3.2.1.1:49.)

Die bevinding kan te wagte gewees het, want Plug *et al.* (1991:356) definieer surgensie ("oftewel sorgvryheid") soos volg: "'n Persoonlikheidseienskap wat deur vrolikheid, geselligheid, lewenslus en betroubaarheid gekenmerk word".

Faktor H+ : Sosiale vrypostigheid

Die gemiddelde van die groep ekstroverte is in hierdie faktor statisties beduidend hoër as dié van die groep introverte. Die ekstroverte is dus meer waaghalsig, ongebonde en sosiaal vrymoedig as die introverte. (Vgl. 3.2.1.1:49.)

Hierdie bevinding sluit aan by Plug *et al.* (1991:85) se definisie, gegrond op Jung se siening, dat ekstroversie 'n groep persoonlikheidseienskappe is wat die resultaat is van die vloeï van die libido na die buitewêreld. Hulle houdings, waardes en belangstellings is gerig op die fisiese en sosiale omgewing. Grobler (1986:71) wys ook daarop dat hulle verkies om betrokke te raak by mense, en met enigeen vriende maak.

Faktor M- : Prakties

Die gemiddelde van die groep ekstroverte is by hierdie faktor statisties beduidend laer as die gemiddelde van die groep introverte. Die ekstroverte is doelmatiger, meer prakties en met albei voete op die aarde as die introverte. (Vgl. 3.2.1.1:50.)

Volgens die RGN (1983:20) word persone met 'n M- faktor gerig deur objektiewe werklikhede, en hulle is betroubaar wat hul praktiese oordeel betref. Hulle is ernstig, bekommerd maar bestendig.

Verder wys Maas (1975:58) daarop dat persone met 'n lae M- telling geneig is om minder ongelukke te maak - hulle is dus versigtiger in hulle optrede (gedrag).

Hierdie uitslag kan hipoteties gestel te wagte gewees het, omdat hulle na-buite-lewend is en daardeur baie gedragservaringe opgedoen het wat hulle praktieser laat optree.

Faktor Q_1 : Konserwatisme

Die gemiddelde van die groep ekstroverte is by hierdie faktor statisties beduidend laer as dié van die groep introverte. Die ekstroverte is dus konserwatiewer as die introverte en hulle is ook meer geneig om bestaande gewoontes, beskouinge en idees te behou en te respekteer, asook om veranderinge teen te staan. (Vgl. 3.2.1.1:50-51.)

Die navorser kan net by wyse van 'n hipotese stel waarom die ekstroverte by die faktor Q_1 'n statisties beduidend laer gemiddelde as die introverte behaal het. Dit kan moontlik wees omdat die ekstroverte baie gesellig en na-buite-lewend is, deelnemend is en gevolglik baie ervaring van die gemeenskapslewe het. Laasgenoemde stelling kan ekstroverte dalk tot die gevolgtrekking laat kom dat liberalisme nie bevorderlik is vir 'n gesonde gemeenskapslewe nie.

Faktor Q_2 : Groepafhanklikheid

Die gemiddelde van die groep ekstroverte het in hierdie faktor 'n statisties beduidende laer telling behaal as die groep introverte. Dit blyk dus dat die ekstrovert meer sosiaal, groepsgebonde, 'n aanhanger en 'n goeie volgeling is. (Vgl. 3.2.1.1:51.)

Hierdie bevinding was te wagte want persone wat hierdie eienskappe besit se houdings, waardes en belangstellings is gerig op die fisiese en sosiale omgewing.

Ekstroverte is persone wat na buite gerig is. Hulle is gewoonlik gesellig, aktief en sosiaal.

Volgens Morris (1979:89) word ekstroverte, wat sosialiteit betref, beskou as persone wat waarde heg aan, en dit boonop geniet om hulle besig te hou met 'n wye reeks sosiale en affiliasiebehoeftes, met ander woorde, sosiale aktiwiteite asook sosiaal om vrymoedig te wees.

Vrey en Venter (1983:6) meen dat 'n persoon met 'n hoë positiewe selfagting maak maklik vriende en kan maklik met ander geselskappe aanknoop. Soos reeds genoem, is selfagting 'n belangrike eienskap van die selfkonsep (vgl. Modry, 1987) maar ook van ekstroversie. (Vgl. Morris, 1979:81.)

4.3 RESULTATE VAN DIE PHSF

Tabel 4.2: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die PHSF

Kompo- nente PHSF	Introverte		Ekstroverte		t- waarde	p- waarde
	$\bar{x}$	sa	$\bar{x}$	sa		
P1	4,6452	2,4021	6,4250	1,7525	-3,47	0,00**
P2	4,6452	2,1687	5,3500	1,7475	-1,52	0,13
P3	5,7097	1,9182	5,3750	1,9571	0,72	0,47
P4	5,4839	1,9978	5,0750	2,1169	0,83	0,41
P5	4,5806	1,6284	4,8250	1,9857	-0,56	0,58
H6	5,3226	2,5349	5,8000	1,7570	-0,90	0,37
H7	5,4839	2,1114	5,2750	1,7685	0,45	0,65
S8	3,4516	1,7858	6,7250	1,4498	-8,53	0,00**
S9	3,0968	1,7579	4,9250	1,5423	-4,66	0,00**
S10	6,5161	1,6906	6,2500	2,0349	0,59	0,56
F11	6,0323	1,6017	6,4750	1,5850	-1,16	0,25
G12	4,1613	2,0346	3,9750	1,8326	0,40	0,69

$$G_v = 40 + 31 - 2 = 69$$

* $p < 0,05$

** $p < 0,01$

Daar is bevind dat drie komponente van die PHSF statisties beduidende verskille toon tussen die gemiddeldes van die groep introverte en die groep ekstroverte. Die drie komponente is die volgende: P1 (selfvertroue), S8 (sosialiteit G) en S9 (sosialiteit S).

4.3.1 Bespreking van die PHSF se komponente wat statisties beduidende verskille toon

Selfvertroue

In hierdie komponent het die groep ekstroverte 'n statisties beduidende hoër telling as die groep introverte behaal. Die ekstroverte het dus 'n groter mate van vertroue in hulle werklike of veronderstelde vermoë om suksesvol te wees. (Vgl. 3.2.2.1:54.)

Hierdie bevinding kan te wagte gewees het want Vrey (1974:199) verklaar dat indien 'n persoon maklik gesprekke aanknoop, goed met ander oor die weg kom en maklik vriende maak hy 'n hoë selfagting het. Hy ondervind gevolglik dat ander toenadering tot hom seek.

Sosialiteit (G)

In die geval van hierdie komponent het die groep ekstroverte 'n statisties beduidende hoër gemiddelde behaal teenoor die groep introverte. Die ekstroverte het dus 'n groter behoefte as die introverte om spontaan aan sosiale groepsverkeer deel te neem. (Vgl. 3.2.2.1:55.)

Hierdie resultaat vind aansluiting by die bevindinge van Faktor A+ (hartlikheid) en Faktor H+ (sosiale vrypostigheid) van die 16-PF. Volgens die laasgenoemde faktore is ook bevind dat die ekstroverte hoër tellings behaal het as die introverte.

Sosialiteit (S)

Die groep ekstroverte het in hierdie komponent 'n statisties beduidende hoër gemiddelde telling behaal as die groep introverte. Dit blyk dus dat die ekstroverte 'n groter behoefte toon om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag te verkeer as die introverte. (Vgl. 3.2.2.1:55.)

Die bevindinge sluit aan by die vorige subtoets (sosialiteit G), asook by die resultate van Faktor A+ en Faktor H+ van die 16-PF.

Die feit dat daar nie 'n beduidende verskil tussen twee groepe persone is, ten opsigte van hulle formele verhoudinge (F11) nie, kan enersyds as 'n verrassing beskou word. Vanweë die feit dat die groepe wel verskil, ten opsigte van hulle selfvertroue en sosiale verhoudinge sou 'n mens kon verwag dat hulle ook verskille sou toon ten opsigte van hulle formele verhoudinge. Dit kan wees dat die subskaal van die PHSF nie sensitief genoeg is om sulke verskille aan te toon nie of dat die introverte in hulle formele verhoudinge nie gestrem word deur hulle teruggetrokkenheid nie.

4.4 RESULTATE VAN DIE ASKS (TOTAALTELLING)

Tabel 4.3: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die ASKS (Totaaltelling)

Introverte		Ekstroverte			
$\bar{x}$	sa	$\bar{x}$	sa	t-waarde	p-waarde
4,0000	1,6125	6,0500	1,9735	-4,69	0,00**

$$G_v = 40 + 31 - 2 = 69$$

** $p < 0,01$

4.4.1 Bespreking van die ASKS (totaaltelling) wat statisties beduidende verskille toon

Hierdie resultate toon dat daar 'n statisties beduidende verskil tussen die groep introverte en dié van die groep ekstroverte bestaan. Die ekstroverte se gemiddelde totaaltelling is statisties beduidend hoër as dié van die gemiddelde totaaltelling van die introverte soos gemeet met die Adolessenteseelfkonsepskaal.

Die rasionaal van die totaaltelling, soos gemeet met die ASKS, dui op die mate van hoe positief/negatief die betrokke groep(e) se selfkonsep ontwikkel het.

In die lig van bogenoemde resultate en rasionaal blyk dit dat die groep ekstroverte 'n positiewer selfkonsep het. Dit beteken dus dat die ekstroverte, soos Vrey (s.j.:6-8) dit ook stel, eienskappe toon soos goeie verhoudinge met hulle gesin en familie; hulle deur hul gesin en familie aanvaar word; 'n positiewe selfkonsep in hul gedrag openbaar; hoë selfagting besit; maklik met ander persone kommunikeer, asook goeie en vriendskaplike verhoudinge met persone in die sosiale gemeenskap het. (Vgl. 3.2.3.1:58-61.)

4.5 RESULTATE VAN DIE ASKS (ONDERSKEIE DIMENSIES EN SUBDIMENSIES)

Tabel 4.4: Beduidende verskille tussen introverte en ekstroverte ten opsigte van die ASKS se onderskeie tellings van die subdimensies

	Veranderlike dimensies en	Introverte		Ekstroverte		t-	p-
	subdimensies	$\bar{x}$	sa	$\bar{x}$	sa	waarde	waarde
A	1. Identiteit	4,7097	0,9727	4,5000	1,0622	-0,87	0,39
	2. Aanvaarding	4,1935	1,5148	4,6250	1,4266	1,22	0,23
	3. Gedrag	2,9032	1,1649	3,9250	1,2888	3,50	0,00**
B	1. Identiteit	4,3226	1,6204	5,2250	1,0739	2,68	0,01**
	2. Aanvaarding	3,1935	1,1667	3,6500	1,3502	1,53	0,13
	3. Gedrag	4,1290	1,2843	4,7250	1,0619	2,09	0,04*
C	1. Identiteit	4,8387	1,3686	5,6000	0,6718	2,84	0,01**
	2. Aanvaarding	4,2581	1,3655	4,4250	1,0594	0,56	0,58
	3. Gedrag	4,7097	1,1013	4,9000	1,0813	0,73	0,47
D	1. Identiteit	3,0000	1,5706	4,8250	1,3939	5,10	0,00**
	2. Aanvaarding	3,3871	1,3336	5,3000	0,8533	6,96	0,00**
	3. Gedrag	3,6452	1,3796	5,3000	1,0178	5,60	0,00**
E	1. Identiteit	4,5161	1,0605	4,1500	1,1668	-1,38	0,17
	2. Aanvaarding	4,1935	0,9805	4,3250	1,2888	0,49	0,63
	3. Gedrag	4,2581	1,0636	4,2250	1,3679	-0,11	0,91
F	1. Selfkritiek	5,6129	1,9266	6,4500	2,2526	1,69	0,10

gv = 16 en gv = 54

* $p < 0,05$

** $p < 0,01$

Hotelling $T^2 = 133,7678$

Geassosieerde F-waarde = 6,5430

$P(F) < 0,0001$

A = Fisieke self; B = Persoonlike self; C = Gesin self; D = Sosiale self; E = Waarde self en F = Selfkritiek. (Vrey s.j. :4-8.)

Volgens die resultate hierbo, is gevind dat sewe subdimensies van die ASKS statisties beduidende verskille toon tussen die gemiddeldes van die introverte en ekstroverte, naamlik A3, B1, B3, C1 en al drie die subdimensies van dimensie D, naamlik D1, D2 en D3. Dit blyk dat die ekstroverte op al sewe subdimensies statisties beduidend hoër tellings behaal het as die introverte.

4.5.1 Bespreking van die ASKS (onderskeie tellings) se dimensies en subdimensies wat statisties beduidende verskille toon

Dimensie 1: Fisieke self

A3: Gedrag

In hierdie subdimensie het die groep ekstroverte 'n statisties beduidende hoër gemiddelde teenoor dié van die groep introverte behaal.

Dit blyk dus dat die ekstroverte 'n hoër mate van selfagting het, en gevolglik 'n positiewer selfkonsep besit as die introverte. Hulle gee meer aandag aan hul liggaamsversorging; gee minder om, om veeleisende arbeid te verrig, en dit is vir hulle 'n groter genot om voor mense op te tree. Verder openbaar hulle meer lewenslus in die uitvoering van hul pligte en word ook nie gestrem deur kommer, senuagtigheid en lompheid nie. Hulle besit dus meer selfvertroue en sien hulself as bekwamer en doeltreffender persone as die introverte. (Vrey en Venter, 1983:4. Vgl. 3.2.3.1:58.)

Dimensie II: Persoonlike self

B1: Identiteit

Die groep ekstroverte het in hierdie subdimensie 'n statisties beduidende hoër gemiddelde telling behaal as die groep introverte.

Dit blyk dus dat die ekstroverte hulleself as meer doeltreffend beskou, meer opgeruimd is, asook kalmer en bedaarder is, en hulleself meer as die gelyke van ander persone beskou as die introverte. Hulle is ook meer selfbeheersd. (Vgl. 3.2.3.1:58.)

B3: Gedrag

Die groep ekstroverte het in hierdie subdimensie 'n statisties beduidende hoër gemiddelde telling behaal as die groep introverte wat beteken dat die ekstroverte meer tevrede is met hul prestasies, hulleself beter kan handhaaf, vaster staan by hul oortuigings en gouer tot besluite as introverte kom. Hulle word ook nie kwaad as hulle na 'n misstap berispe word nie. Hulle besit ook 'n hoër selfagting as die introverte. (Vgl. 3.2.3.1:59.)

Hierdie subdimensie se resultate vind moontlik aansluiting by die PHSF se bevinding op die selfvertrouekomponent (P1), waar bevind is dat die ekstroverte 'n hoër telling as die introverte behaal het. (Vgl. 3.2.2.1:54.)

Dimensie III: Verhoudinge met die gesin - gesin self

C1: Identiteit

Hier het die groep ekstroverte 'n statisties beduidende hoër gemiddelde telling behaal as die introverte. Die ekstroverte is dus sekerder daarvan dat hulle verhoudinge met hulle gesinne en familieledede goed en beter is as die van dié

introverte. Die ekstroverte beleef hulleself daarom ook as waardiger persone in hulle gesinne en families as die introverte. (Vgl. 3.2.3.1:59.)

Dit kan moontlik ook aansluiting vind by die bevinding van faktor -Q₂, naamlik groepafhanklikheid van die 16-PF waar bevind is dat die ekstroverte meer sosiaal en groepsgebonde is as die introverte.

Dimensie IV: Verhoudinge met ander in die sosiale gemeenskap - sosiale self

D1: Identiteit

Die groep ekstroverte het in hierdie subdimensie 'n statisties beduidende hoër gemiddelde telling as die introverte behaal. Dit dui daarop dat die ekstroverte se identiteite dui op meer vriendelikheid teenoor hulle maats van dieselfde en teenoorgestelde geslag, asook dat hulle makliker vriende maak en dus baie meer goeie vriende het as die introverte. (Vgl. 3.2.3.1:60.)

Hierdie subdimensie se resultate sluit aan by die PHSF se resultate, veral ten opsigte van komponent sosialiteit G wat dui op die mate waartoe persone behoefte het om spontaan aan sosiale groepsverkeer (ekstrovert) deel te neem. In 'n sekere mate kan komponent sosialiteit S ook hieronder ressorteer wat verwys na die mate waarin persone 'n behoefte het om met spesifieke persone van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer. (Vgl. 3.2.2.1:55.)

Volgens Dusek (1987:370) verklaar McCandless (1970), onder andere dat die selfkonsep vier belangrike funksies het. Een van hierdie funksies is motivering - motivering om 'n persoon te rig en betrokke te laat raak in sosiaal goedgekeurde gedrag, en na sosiale situasies te strewe waarby hy betrokke kan raak met konflikte wat niestrydig is met sy selfkonsep nie. Dit wil dus voorkom dat laasgenoemde eienskap dié van 'n ekstrovert is.

D2: Aanvaarding

Ook in hierdie subdimensie het die groep ekstroverte 'n statisties beduidende hoër telling behaal as die van dié introverte.

Die groep ekstroverte het in die huidige navorsing getoon wat hulle identiteit betref dat hulle meer hoflik en gesellig in geselskap met ander is, asook aanvaarbarder vir ander persone in die sosiale gemeenskap as die introverte is. Dit blyk ook dat die bevindinge daarop dui dat die ekstroverte 'n positiewer selfkonsep het en meer populêr is by ander persone as die introverte. Hulle is ook hulpvaardiger teenoor ander persone as die introverte. (Vgl. 3.2.3.1:60.)

D3: Gedrag

Die groep ekstroverte het in hierdie subdimensie 'n statisties beduidende hoër gemiddelde telling behaal as die introverte. Dit dui daarop dat die ekstroverte makliker vriende maak, goed met ander oor die weg kom en 'n geselskap maklik aanknoop. Hulle vergeef ander persone maklik en erken ook maklik ander se goeie hoedanighede. (Vgl. 3.2.3.1:60.)

Hierdie bevinding vind in 'n groot mate aansluiting by die resultate soos verkry van faktore A+ (na-buite-lewendheid); F+ (sorgvryheid en spraaksaamheid); H+ (sosiale vrypostigheid) en Q₂- (groepafhanklikheid) van die 16-PF, asook in 'n mate met die komponente sosialiteit G en S van die PHSF.

Dit blyk dus dat die ASKS se bevindinge wel met sommige van die bevindinge van die 16-PF en PHSF in verband gebring kan word.

4.6 SLOTSOM

Samevattend kan dus gekonstateer word dat daar in die huidige ondersoek bevind is dat daar sekere persoonlikheidsverskille bestaan tussen introverte en ekstroverte met

besondere verwysing na die selfkonsep. Die ekstroverte besit op sommige terreine 'n positiewer selfkonsep as die introverte.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

5.1 GEVOLGTREKKING

Volgens die bevindinge van die onderhawige ondersoek, blyk dit dat daar wel verskille tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep bestaan.

In die geval van die 16-PF is daar sewe faktore wat statisties beduidende verskille toon tussen die gemiddeldes van die introverte en ekstroverte. Die sewe faktore is: (A+), (E+), (F+), (H+), (M-), (Q₁-) en (Q₂-). By die eerste vier faktore is gevind dat die groep ekstroverte se gemiddeldes statisties beduidend hoër is as dié van die introverte, terwyl by die laaste twee faktore is die gemiddeldes statisties beduidend laer by die groep ekstroverte as die introverte.

Wat die PHSF-komponente betref, is daar drie uit die twaalf komponente wat statisties beduidende verskille toon, naamlik selfvertroue (P1), sosialiteit G (S8) en S (S9). By al drie die komponente het die ekstroverte groep statisties beduidende hoër tellings behaal.

In die geval van die ASKS (totaaltelling) het die ekstroverte se gemiddelde 'n statisties beduidende hoër telling getoon as die van die introverte.

Die resultate van die ASKS (onderskeie dimensies en subdimensies) toon dat die groep ekstroverte in die volgende subdimensies statisties beduidende hoër tellings as dié van die introverte behaal het, naamlik A3, B1, B3, C1 en al drie subdimensies van die dimensie D, naamlik D1, D2 en D3.

Ten slotte kan dus verklaar word dat daar by al drie die toetse, naamlik die 16-PF, die PHSF en die ASKS bewys gevind is dat daar sekere persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep bestaan.

5.2 AANBEVELING

Die volgende aanbeveling word gedoen met die oog op verdere navorsing oor hierdie onderwerp: Aangesien 'n klein aantal persone (slegs 71 studente) by die navorsing betrek is, kan die bevindinge nie veralgemeen en beskou word as verteenwoordigend van alle blankes of enige ander bevolkingsgroep in die RSA nie. Daarom sou dit sinvol wees om groter groepe persone met verskillende verdelings soos geslag, taal- en etniese groepe ook by so 'n ondersoek te betrek om dié persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep te bestudeer.

OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek was om empiries vas te stel of daar enige persoonlikheidsverskille bestaan tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep.

In die literatuurstudie is verwys na definisies van persoonlikheid, die selfkonsep en introversie en ekstroversie. Die persoonlikheidsteorieë van enkele teoretici wat veral oor introversie-ekstroversie geskryf het, naamlik Jung en Cattell is bespreek, asook enkele ander persoonlikheidsteorieë waarin die selfkonsep prominent figureer, naamlik die van James, Cooley, Mead, Allport en Rogers.

'n Aantal eerstejaarspsigologiestudente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is gebruik vir hierdie ondersoek. Aanvanklik is 199 studente getoets met die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF), PHSF-Verhoudingevraelys (PHSF) en Adollessenteselfkonsepskaal (ASKS), maar slegs 71 se gegewens kon gebruik word na die verdeling met die betrokke formule vir introversie-ekstroversie. Van die 71 was 31 introverte en 40 ekstroverte. In die statistiese ontleding van die data is gebruik gemaak van die t-toets vir twee onafhanklike groepe. Daar is deurgaans van tweekantige toetse gebruik gemaak.

Ten opsigte van die beduidenheid van verskille het die 16-PF aangetoon dat die volgende faktore statisties hoër gemiddeldes by die ekstroverte groep aangedui het, naamlik A+ (hartlikheid), E+ (dominansie), F+ (sorgvryheid) en H+ (sosiale vrypostigheid), terwyl in die geval van die faktore M- (prakties), Q₁- (konservatisme) en Q₂- (groepafhanklikheid) was die groep ekstroverte se gemiddeldes statisties beduidend laer as dié van die introverte.

In die geval van die PHSF se komponente is gevind dat die ekstroverte groep statisties beduidende hoër tellings behaal het in die volgende komponente: P1 (selfvertroue), S8 (sosialiteit -G) en S9 (sosialiteit -S).

Ten opsigte van die totaalstelling van die ASKS is die ekstroverte groep se gemiddelde statisties beduidend hoër as dié van die introverte. In die geval van die onderskeie dimensies en subdimensies van die ASKS is gevind dat daar ses statisties beduidende verskille is. In die volgende subdimensies het die ekstroverte groep statisties beduidende hoër gemiddelde tellings behaal, naamlik A3 (gedrag), B1 (identiteit), B3 (gedrag), C1 (identiteit), D1 (identiteit), D2 (aanvaarding) en D3 (gedrag).

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar wel sekere persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte bestaan en dat laasgenoemde 'n positiewer selfkonsep het.

SUMMARY

Personality differences between introverts and extroverts with special reference to the self concept

The aim of this study was to establish empirically whether there are any personality differences between introverts and extroverts, with special reference to the self concept.

The literature survey deals with definitions of personality, the self concept, and introversion and extroversion. The personality theories of some theoreticians who have commented on the introversion-extroversion dichotomy, notably those of Jung and Cattell are discussed, as well as those personality theories in which the self concept features prominently, viz. those of James, Cooley, Mead, Allport and Rogers.

The project consists of a study of 199 first year psychology students at the "Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys" using the Sixteen Personality Factor Questionnaire (16-PF) of Cattell, the PHSF Relations Questionnaire (PHSF) of Fouché and Grobbelaar and the Self Concept Inventory (ASCS) of Vrey. After the application of the formula for introversion-extroversion it was found that only 71 could be used. Of the 71, 31 were introverts and 40 extroverts. The t-test for two independent groups was applied to obtain the statistic data.

With respect to the significance of differences for the factors of the 16-PF, it was found that the following 16-PF factors showed significant higher averages for the extroverts namely: A+: warmhearted; E+: dominance; F+: happy-go-lucky and H+: venturesome, while in the case of factors M-: practical; Q₁-: conservatism and Q₂-: group-dependent, the extroverts showed significant lower average scores.

Concerning the PHSF the average scores of the following components P1: self-confidence; S8: sociability G and S9: sociability S, were significantly higher for the extroverts.

With respect to the total dimension of the ASCS it was found that the average score for the extroverts was significantly higher than for the introverts. In the case of the following dimensions and subdimensions of the ASCS, viz. A3: behaviour, B1: identity, B3: behaviour, C1: identity, D1: identity, D2: acceptance and D3: behaviour, the average scores of the extroverts were significantly higher than those for the introverts.

It was concluded that there are some distinct differences in personality traits between introverts and extroverts, and that the latter have more positive self concepts.

BIBLIOGRAFIE

- ALLPORT, G.W. 1961. Pattern and growth in personality. New York : Holt, Rinehart & Winston.
- ALLPORT, G.W. 1966. Personality and social encounter: selected essays. Boston : Beacon Press.
- BENSON, L. 1974. Images, heroes, and self-perceptions: the struggle for identity - from mask-wearing to authenticity. London : Prentice-Hall.
- BIDDLE, B.J. 1979. Role theory: expectations, identities, and behaviors. New York : Academic Press.
- BISCHOF, L.J. 1970. Interpreting personality theories. 2nd ed. New York : Harper & Row.
- BURNS, R.B. 1979. The self concept: in theory, measurement, development and behaviour. London : Longman.
- BYRNE, D.L. & KELLY, K. 1981. An introduction to personality. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- CATTELL, R.B. 1950. Personality: A systematic, theoretical and factual study. New York : McGraw-Hill.
- CATTELL, R.B. 1965. The scientific analysis of personality. Chicago : Aldine.
- CATTELL, R.B., EBER, H.W. & TATSUOKA, M.N. 1970. Handbook for the Sixteen Personality Factor Questionnaire (16PF). Champaign, Ill.
- CATTELL, R.B. 1973. Personality and mood by questionnaire: a handbook of interpretive theory, psychometrics, and practical procedures. San Fransisco : Jossey-Bass.
- CHAPLIN, J.P. 1973. Dictionary of psychology. 6th ed. New York : Dell.
- CHILD, D. 1971. The relationship between introversion-extraversion, neuroticism and performance in school examinations. (*In* Eysenck, H.J., *ed.* Readings in extraversion-introversion: fields of application, vol. 2. London : Staples Press. p. 11-23.)

- CHIU, L.H. 1990. The relationship of career goal and self-esteem among adolescents. *Adolescence*, 25(99):593-597, Fall.
- COOLEY, C.H. 1964. Human nature and the social order. New York : Schocken Books.
- COOPERSMITH, S. 1967. The antecedents of self-esteem. San Francisco : Freeman.
- CRONBACH, L.J. 1984. Essentials of psychological testing. 4th ed. New York : Cambridge.
- DEAUX, K. & WRIGHTSMAN, L.S. 1984. Social psychology in the eighties. 4th ed. Monterey, Calif : Brooks/Cole.
- DE MAN, A.F. & EFRAIM, D.P. 1988. Selected personality correlates of social participation in university students. *The Journal of Social Psychology*, 128(2):265-267, April.
- DIE BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- DUSEK, J.B. 1987. Adolescent development and behavior. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice Hall.
- DU TOIT, S.I. 1986. Selfkonsep bepaal waarneming en kwaliteit van menswees - C.R. Rogers. (In Du Toit, S.I., red. Perspektiewe op menswees. Pretoria : Academica. p. 170-185.)
- FITTS, W.H. 1965. Tennessee Self Concept Scale Manual. Nashville, Tennessee : Counselor Recordings and Tests.
- FITTS, W.H. 1972. The self concept and psychopathology. Dede Wallace Center Monograph IV. Tennessee : Counselor Recordings and Tests.
- FLYNN, W.B. 1985. Extraversion/introversion and Cognitive/affective methods of instruction as determinants of change in self-concept and self-actualization among college students. (In *Dissertation Abstracts International*, 1986, 46(9-A)2627, Mar.)

- FERGUSON, G.A. 1981. Statistical analysis in psychology and education. 5th ed. Singapore : McGraw-Hill.
- FOUCHE, F.A. & GROBBELAAR, P.E. 1987. Handleiding vir die PHSF-Verhoudingevraelys. Pretoria : Express Kopie.
- GEORGE, R.L. & CRISTIANI, T.S. 1986. Counseling: theory and practice. 2nd ed. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- GOUWS, I.S. 1984. Persoonlikheidskorrelate van primêre en sekondêre funksie. Johannesburg. (Skripsie (M.A.) - RAU.)
- GROBLER, M. 1973. Die selfkonsep van die aggressiewe psigopaat: 'n diagnostiese studie. Pretoria. (Verhandeling (M.A.) - UP.)
- GROBLER, E. 1986. Die teenoorgesteldes in persoonlikheid - C.G. Jung. (*In* Du Toit, S.J. *red.* Perspektiewe op menswees. Pretoria : Academica. p. 60-76.)
- HALL, C.S. & LINDZEY, G. 1978. Theories of personality. 3rd ed. New York : Wiley.
- GROVE, J.M.M. 1983. Die rol van die selfkonsep in beroepsleiding. Johannesburg : WNNR, NIPN. (Spesiale verslag Pers 367.) 220p.
- HILDEBRAND, D. 1977. Selfkonsep as faktor in bedryfsleiding. Pretoria. (Verhandeling (M.A.)-UP.)
- HJELLE, L.A. & ZIEGLER, D.J. 1981. Personality theories: Basic assumptions, research, and applications. 2nd ed. Singapore : McGraw-Hill.
- HOWELL, D.C. 1987. Statistical methods for psychology. 2nd ed. Boston : Duxbury Press.
- JACOBS, L.J. & VREY, J.D. 1982. Selfkonsep, diagnose en terapie: 'n opvoedkundig-sielkundige benadering. Pretoria : Academica.
- JAMES, W. 1890. The principles of psychology. vol. 1. New York : Holt.
- JAMES, W. 1950. The principles of psychology, vol. I. New York : Dover Publications.
- JORDAAN, W.J., JORDAAN, J.J. & NIEUWOUDT, J.M. 1975. Algemene sielkunde: 'n psigobiologiese benadering. 2dle. Johannesburg : McGraw-Hill.

- JUNG, C.G. 1928. Two essays on analytical psychology. London : Bailliere, Findall & Cox.
- JUNG, C.G. 1953. Psychological types or the psychology of individuation. (Vertaal: Baynes, H. Godwin). London : Routledge & Kegan Paul.
- JUNG, C.G. 1965. Personality theory from the standpoint of analytical psychology. (In Schakian, W.S., ed., Psychology of personality: readings in theory. 2nd ed. Chicago : Rand McNally College.)
- KAWASH, G.F. 1982. A structural analysis of self-esteem from pre-adolescence through young adulthood: anxiety and extraversion as agents in the development of self-esteem. *Journal of clinical psychology*, 38(2):301-311, April.
- KIRKCALDY, B. & FURNHAM, A. 1991. Extraversion, neuroticism, psychoticism and recreational choice. *Personality and individual differences*, 12(7):737-745, Sept.
- LE ROUX, J.G. 1976. 'n Ondersoek na die verband tussen selfkonsep en skolastiese prestasie by 'n groep standerd ses-leerlinge. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Unisa.)
- MAAS, F. 1975. Die persoonlikheidsteorie van Cattell. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- MADGE, E.M. 1982. Inligting (brief) oor die formule (16-PF) vir introversie-ekstroversie. Pretoria : RGN.
- MADGE, E.M. 1989. Cattell's factor analytical model of personality. (In Meyer, W.F. Moore, C. & Viljoen, H.G. Personality theories: from Freud to Frankle. Johannesburg : Lexicon Publishers. p. 289-315).
- MADGE, E.M. & DU TOIT, L. 1974. 16-PF Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF) Vorm A.
- MADGE, E.M. & DU TOIT, L.B.H. 1978. 'n Samevatting van die bestaande kennis in verband met die primêre persoonlikheidsfaktore wat deur Persoonlikheidsvraelys vir kinders (PVK), die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys

- (HSPV) en die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF) gemeet word. (Byvoegsel tot die handleiding vir die PVK, HSPV en 16-PF). Pretoria : RGN.
- MALAN, J.A. 1978. Prestasie motivering en selfkonsep. Johannesburg. Verhandelings (M.A.) - RAU.)
- McADAMS, D.P. 1990. The person: an introduction to personality psychology. San Diego : Harcourt Brace Jovanovich.
- McDANIEL, J.S. 1977. A comparative study of extroversion, neuroticism and self concept of delinquent and non-delinquent girls. (*In Dissertation Abstracts International*, 38(1-B):369. Jul.)
- MEAD, G.H. 1934. Mind, self and society. Chicago : Univ. of Chicago Press.
- MEYER, L.W. 1987. Selfkonsep as voorspeller van skoolprestasie in die sekondêre skool. Port Elizabeth : UPE. (Proefskrif - D.Ed.)
- MEYER, W.F. 1985. Ontwikkelingsteorieë. (*In Louw, D.A. Gerdes, L.C. & Meyer, W.F., reds. Menslike ontwikkeling*. Pretoria : HAUM. p. 107-148.)
- MEYER, W.F. 1989. Gordon Allport's holistic theory. (*In Meyer, W.F, Moore, C. & Viljoen, H.G. Personality theories: from Freud to Frankl*. Johannesburg : Lexicon Publishers. p. 327-330.)
- MEYER, W.F. 1988. Persoonlikheidsteorieë. (*In Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl*. Johannesburg : Lexicon Uitgewers. p. 3-17.)
- MODRY, A. 1987. Aggressie, selfkonsep en stereotipering in obesiteit. Johannesburg. (Verhandeling (MA) - RAU.)
- MÖLLER, A.T. 1980. Inleiding tot die persoonlikheidsielkunde. Durban : Butterworth.
- MÖLLER, A.T. 1987. Allport se teorie van persoonlikheidstreke. (*In Möller, A.T., red. Persoonlikheidsielkunde*. Durban : Butterworth. p. 181-213.)
- MÖLLER, A.T. 1987. Wat is persoonlikheid? (*In Möller, A.T., red. Persoonlikheidsielkunde*. Durban : Butterworth. p. 1-17.)

- MOORE, C. 1988. Selfkonseptorie van Carl Rogers. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. Persoonlikheidsteorieë: van Freud tot Frankl. Johannesburg : Lexicon Uitgewers. p. 395-418.)
- MORRIS, L.W. 1979. Extraversion and introversion: an interactional perspective. Wash. : Hemisphere Publishing.
- NUNNALLY, J.C. 1978. Psychometric theory. 2de uitg. New York : McGraw-Hill.
- PHARES, E.J. 1984. Clinical psychology: concepts, methods and profession. Homewood, Ill. : Dorsey Press.
- PIEK, J.P. 1985. Die kleutertydperk. (*In* Louw, D.A., Gerdes, L.C. & Meyer, W.F. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p. 221-227.)
- PLUG, C., MEYER, W.F. LOUW, D.A & GOUWS, L.A. 1991. Psigologiewoordeboek. 4de uitg. Johannesburg : Lexicon Uitgewers.
- PRINSLOO, S.M. 1983. Die verband tussen waardes, geloofsekerheid en die selfkonsep. Johannesburg. (Verhandeling (M.A.) - RAU.)
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (RGN) 1983. Riglyne vir die toepassing, nasien en interpretasie van die 16PF. Pretoria : Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing.
- RAATH, M.C. & JACOBS, L.J. 1990. Dinamiek van die selfkonsep. Pretoria : Academica.
- ROGERS, C.R. 1951. Client-centered therapy: its current practice, implications and theory. London : Constable.
- ROGERS, C.R. 1961. On becoming a person: a therapist's view of psychotherapy. London : Constable.
- ROGERS, C.R. 1965. Client-centered therapy: its current practice, implications and theory. Boston : Houghton Mifflin.
- SARGENT, S.S. & WILLIAMSON, R.C. 1966. Social psychology. New York : The Ronald Press.

- SCHMIDT, L. 1986. Die invloed van selfkonsep op die oordrag van interpersoonlike vaardighede. Potchefstroom. (Verhandeling (MA - PU vir CHO.)
- SCHULTZ, D. 1976. Theories of personality. Monterey, Calif. : Brooks/Cole.
- STATT, D.A. 1990. The concise dictionary of psychology. New York : Routledge.
- STEVENS, R. 1974. James and Husserl: The foundations of meaning. The Hague : Martinus Nijhoff.
- STORZ, A. *red.* 1974. Psychology Encyclopedia. Guilford, Conn. : Dushkin.
- VAN DER WALT, M.S. 1987. Studentontwikkeling: 'n psigologiese ondersoek. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Phil.) - PU vir CHO.)
- VAN DER WESTHUYSEN, T.W.B. 1987. Die evaluering van persoonlikheid. (*In* Möller, A.T., *red.* Persoonlikheidskunde. Durban : Butterworth. p. 229-261.)
- VERMA, N.K. 1975. Some correlates of self-concept. *Journal of psychological researches*, 19(1):29-31, Jan.
- VERNON, P.E. 1972. Personality. (*In* Encyclopedia of psychology, 2:383-385.)
- VERWEY, E.T. 1978. Manlike en vroulike onderwysstudente: 'n vergelykende psigologiese studie. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)
- VILJOEN, H.G. 1988. Carl Jung se Analitiese teorie. (*In* W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl. Johannesburg : Lexicon Uitgewers.)
- VILJOEN, H.G. 1989. Carl Jung's Analytical theory. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. Personality theories - from Freud to Frankl. Johannesburg : Lexicon Uitgewers. p.75-96.)
- VREY, J.D. s.j. Handleiding vir die adolessente-selfkonsepskaal (ASKS). Pretoria : Unisa.
- VREY, J.D. 1974. Selfkonsep en die verband daarvan met persoonlikheidsorganisasie en kognitiewe struktuur. Pretoria. (Proefskrif (Ph.D.) - Unisa.)
- VREY, J.D. & VENTER, M.E. 1983. Manual to the adolescent self-concept scale (ASCS). Pretoria : University of South Africa.

WOLMAN, B.B. *ed.* 1973. Dictionary of behavioral science. New York : Van Nostrand Reinhold.

WORCHEL, S. COOPER, J. & GOETHALS, G.R. 1991. Understanding social psychology. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole.